3.3.5 lettergrepe gebruik om woorde te lees;

Assesseringstandaard 3.4: Dit is duidelik wanneer die leerder klankbewustheid ontwikkel:

3.4.4 meer komplekse woordfamilies herken;

Leeruitkomste 4SKRYF: Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

Assesseringstandaard 4.1: Dit is duidelik wanneer die leerder toenemend leersbaar skryf:

Assesseringstandaard 4.8: Dit is duidelik wanneer die leerder woorde, sinne en stories illustreer om begrip te toon.

1.8 Diere moet ook leer - 04⁸

1.8.1 AFRIKAANS HUISTAAL

1.8.2 Diere moet ook leer

1.8.3 OPVOEDERS AFDELING

1.8.4 Memorandum

INLEIDING

Die Graad 2-opvoeder moet voortbou op die werk wat in Graad 1 gedoen is ten opsigte van die Huistaal. Dit is daarom noodsaaklik dat die opvoeder vertrouwd sal wees met elke leerder se vermoë om die Huistaal te gebruik. 'n Vertrekpunt moet volgens die leerders se vorderingsverslag, profiel en portefeuljes bepaal word alvorens met Graad 2-modules begin word. Indien nodig moet die nodige aanpassings gemaak word.

Tydskedule

Daar word voorgestel dat ongeveer twee modules per kwartaal voltooi word. Die opvoeder moet haar deur die leerders laat lei aangesien die vinnige werkers gouer deur die modules sal werk terwyl die stadige werkers heelwaarskynlik meer tyd sal nodig hê.

Die bladsye vir die opvoeder wat by elke module aangeheg is, word nie aan die leerders uitgedeel nie.

- **LUISTER, PRAAT, LEES EN SKRYF**

Soos in die gedig weerspieël word, gaan hierdie module oor die noodsaaklikheid oor onderwys, of dit nou apies is wat dinge moet leer om bewus te word van gevare of Wikus die Welpie wat moet leer om gehoorsaam te wees.

Leerders maak gebruik van 'n diagram met vrae om hulle te lei om hulle eie storie te skryf.

Nuwe woordeskat met vasleggingsaktiwiteite word bygebring.

Leerders kry geleentheid om self die leesstuk te illustreer, vrae te beantwoord en die stories te dramatiseer.

- **KLANKE EN WOORDBOU**

Die dubbelklinkers, oe, ie, ui, ou, eu, ei en die drieletterklinkers, aai, ooi, oei, eeu word in konteks hersien/aangeleer/vasgelê.

- **SKRIF**

Aandag word gegee aan die korrekte hantering van skryfgereedskap. Die volgende hoofletters word aangeleer en die klein letters hersien; M, N, L, H, T, I, K, F, E.

1.8.5 LEERDERS AFDELING

1.8.6 Inhoud

- Lees wat gebeur het met Wikus by die watergat.

1.8.6.1 Wikus, Pasop! – Deel 2

Pappa Leeu maak sy een oog oop en loer onder sy maanhare deur.

“Wikus! Moenie so naby die water speel nie”, brul die leeu.

“Ag, Pappa, ek speel nou so lekker.

Ek stamp die paddas terug in die water.

Pappa moet sien hoe strek hul agterpote as hulle so in die water duik”, sê Wikus.

⁸This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26701/1.1/>>.

Leeu laat sy kop sak, tevrede dat dit net 'n onskuldige speletjie is.
 Wikus sien nie die boomstomp wat stadig nader kom nie.
 Dit dryf op die water.
 Hy skaterlag vir die paddas wat so in die water duik.
 Op daardie oomblik lig Leeu weer sy kop.
 Soos 'n weerligstraal skiet hy vorentoe, gryp vir Wikus aan die los vel agter sy nek en jaag met hom die veld in.
 Mamma Leeu skrik wakker.
 Sy besef onmiddellik wat gebeur het en hardloop agterna.
 Daar op die wal lê die grootste krokodil wat sy nog ooit gesien het.
 Hy lê met sy bek wawyd oop, net reg om vir Wikus te hap.
 Sjoe, dit was 'n noue ontkoming!
 Pappa Leeu vryf saggies oor Wikus se wollerige kop.
 Hy is te verlig om met hom te raas, maar sê darem:
 "Wikus, jy moet wakker wees vir al die vyande in die bos.
 Amper was jy daardie krokodil se aandete!"

LU 3.3.3	LU 3.3.4
----------	----------

Table 1.58

- Teken vir Wikus by die watergat.




Figure 1.24

LU 4.8

Table 1.59

- Beantwoord die volgende vrae.

	Ja	Nee
1. Het 'n leeu maanhare?		
1. Slaap Wikus onder die boom?		
1. Speel Wikus in die speel-park?		
1. Terg hy die paddas?		
1. Duik die paddas in die water?		
1. Het die leeuwyfie gaan swem?		
1. Het daar 'n boomstomp op die water gedryf?		
1. Het Pappa Leeu die krokodil gewaar?		
1. Het Pappa Leeu vir Wikus gered?		
<i>continued on next page</i>		

1. Het die krokodil vir Wikus gevang?		
---------------------------------------	--	--

Table 1.60

LU 3.2.1	
----------	--

Table 1.61



Figure 1.25

LU 4.1	
--------	--

Table 1.62

- Klanke om te leer.




Figure 1.26

r st b bl		m sn
-----------	--	------

Table 1.63

- Waar pas hulle in?

1. Hy die bootjie.
2. Die het groot, skerp tande.
3. Die lê wit op die berge.
4. Die konstabel die rower.
5. 'n Honderd jaar is 'n
6. Die gee vir ons melk.
7. Die sit op die rots.
8. Die seuns op die gras.

LU 3.4.4	
----------	--

Table 1.64

- Sê die woorde en kleur die prentjies volgens die kodes in. Skryf die woord.

aai = blou ooi = geel
 oei = rooi eeu = groen




Figure 1.27

LU 1.1	LU 3.4.4	
--------	----------	--

Table 1.65




Figure 1.28

LU 4.1	
--------	--

Table 1.66

1.8.7 Assessering

Leeruitkomste 1:LUISTER: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.

Assesseringstandaard 1.1: Dit is duidelik wanneer die leerder vir 'n langer tydperk aandagtig luister en op 'n stel ingewikkelder instruksies reageer;

Leeruitkomst 3:LEES EN KYK: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

Asseseringstandaard 3.2: Dit is duidelik wanneer die leerder betekenis uit geskrewe teks skep:

3.2.1 'n storie alleen of saam met die onderwyser lees:

Asseseringstandaard 3.3: Dit is duidelik wanneer die leerder betekenis uit letters en woorde in langer tekste herken en skep:

3.3.3 klank- en ander woordherkennings- en begripsvaardighede gebruik, soos kontekstuele leidrade en die maak van voorspellings ten einde 'n teks te verstaan;

3.3.4 selfkorrigeringsstrategieë gebruik soos herlees, pousering, die oefen van woorde voor hy/sy dit hardop sê;

Asseseringstandaard 3.4: Dit is duidelik wanneer die leerder klankbewustheid ontwikkel:

3.4.4 meer komplekse woordfamilies herken;

Leeruitkomst 4SKRYF: Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

Asseseringstandaard 4.1: Dit is duidelik wanneer die leerder toenemend leersbaar skryf:

Asseseringstandaard 4.8: Dit is duidelik wanneer die leerder woorde, sinne en stories illustreer om begrip te toon.

1.9 Diere moet ook leer - 05⁹

1.9.1 AFRIKAANS HUISTAAL

1.9.2 Diere moet ook leer

1.9.3 OPVOEDERS AFDELING

1.9.4 Memorandum

INLEIDING

Die Graad 2-opvoeder moet voortbou op die werk wat in Graad 1 gedoen is ten opsigte van die Huistaal. Dit is daarom noodsaaklik dat die opvoeder vertrouwd sal wees met elke leerder se vermoë om die Huistaal te gebruik. 'n Vertrekpunt moet volgens die leerders se vorderingsverslag, profiel en portefeuljes bepaal word alvorens met Graad 2-modules begin word. Indien nodig moet die nodige aanpassings gemaak word.

Tydskedule

Daar word voorgestel dat ongeveer twee modules per kwartaal voltooi word. Die opvoeder moet haar deur die leerders laat lei aangesien die vinnige werkers gouer deur die modules sal werk terwyl die stadige werkers heelwaarskynlik meer tyd sal nodig hê.

Die bladsye vir die opvoeder wat by elke module aangeheg is, word nie aan die leerders uitgedeel nie.

- **LUISTER, PRAAT, LEES EN SKRYF**

Soos in die gedig weerspieël word, gaan hierdie module oor die noodsaaklikheid oor onderwys, of dit nou apies is wat dinge moet leer om bewus te word van gevare of Wikus die Welpie wat moet leer om gehoorsaam te wees.

Leerders maak gebruik van 'n diagram met vrae om hulle te lei om hulle eie storie te skryf.

Nuwe woordeskat met vasleggingsaktiwiteite word bygebring.

Leerders kry geleentheid om self die leesstuk te illustreer, vrae te beantwoord en die stories te dramatiseer.

- **KLanke en Woordbou**

Die dubbelklinkers, oe, ie, ui, ou, eu, ei en die drieletterklinkers, aai, ooi, oei, eeu word in konteks her-sien/aangeleer/vasgelê.

⁹This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26703/1.1/>>.

- SKRIF

Aandag word gegee aan die korrekte hantering van skryfgereedskap. Die volgende hoofletters word aangeleer en die klein letters hersien; M, N, L, H, T, I, K, F, E.

1.9.5 LEERDERS AFDELING

1.9.6 Inhoud

- Wat dink die krokodil?




Figure 1.29

Kom ons hou konsert

- Dramatiseer die storie van Wikus se noue ontkoming.
- Beplan die opvoering.
- Kies die volgende karakters:

Mamma Leeu, Pappa Leeu, Wikus en die krokodil.

- Besluit:

Waar is die boom?

Waar is die water?

Wat gaan elkeen sê?

Wat gaan elkeen doen?

Hou konsert!

- Wat het die toeskouers gesê van jul konsert?

LU 2.4.3	LU 2.4.4	LS 2.4.8	LU 2.6	LU 4.3.1
----------	----------	----------	--------	----------

Table 1.67

- Raai, Raai wie is dit?




Figure 1.30

LU 1.4	LU 3.5.4	
--------	----------	--

Table 1.68

- Nou ken ek al hierdie woorde.
- Lees hulle en bêre die bladsy in jou lêer.

donker	ontbyt	verpleeg	ystervark
duisend	haastig	klokkie	gevaar
netjiese	stilstand	teater	voorpoot
terwyl	doodstil	besoekers	ongehoorsaam
versorg	versigtig	steke	skaduwee
skarrel	agterna	medisyne	luilekker
uie	antwoorde	welpie	wyfieleeu
werkplek	seergekry	piesangs	sigbaar
aandete	geduldig	entjie	maanhare
gereed	eindelik	oogappel	agterpote
skoolklok	moeilikeid	pragtige	onskuldige
kleintjies	inspuiting	watter	skaterlag
groente	verband	krokodil	gehoorsaam
vorentoe	onmiddellik	wollerige	weerligstraal
bollemakiesie			

Table 1.69

LU 3.3.5	LU 4.6.5
----------	----------

Table 1.70

1.9.7 Assessering

Leeruitkomste 1:LUISTER: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.

Asseseringstandaard 1.4: Dit is duidelik wanneer die leerder na raaisels en grappies luister, dit geniet en gepas daarop reageer.

Leeruitkomste 2:PRAAT: Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

Asseseringstandaard 2.4: Dit is duidelik wanneer die leerder deelneem aan klas- en groepbesprekings:

2.4.3 idees voorstel en daarop uitbrei;

2.4.4 sensitiwiteit vir ander se regte en gevoelens toon;

2.4.8 opbouende terugvoering aan ander gee;

Asseseringstandaard 2.6: Dit is duidelik wanneer die leerder gepaste taal vir verskillende doeleindes en met verskillende mense gebruik (rolspel).

Leeruitkomste 3:LEES EN KYK: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

Asseseringstandaard 3.3: Dit is duidelik wanneer die leerder betekenis uit letters en woorde in langer tekste herken en skep:

3.3.5 lettergrepe gebruik om woorde te lees;

Asseseringstandaard 3.5: Dit is duidelik wanneer die leerder vir inligting en genot lees:

Leeruitkomste 4SKRYF: Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

Asseseringstandaard 4.3: Dit is duidelik wanneer die leerder 'n konsepweergawe van 'n skryfstuk vir verskillende doeleindes skryf:

4.3.1 verskillende soorte tekste skryf;

Asseseringstandaard 4.6: Dit is duidelik wanneer die leerder woordeskat opbou en woorde begin spel sodat ander dit kan lees en verstaan:

4.6.5 'n woordebank en 'n persoonlike woordeboek opbou.

Chapter 2

Kwartaal 2

2.1 Hier volg die nuus - 01¹

2.1.1 AFRIKAANS HUISTAAL

2.1.2 Hier volg die nuus

2.1.3 OPVOEDERS AFDELING

2.1.4 Memorandum

INLEIDING

Die Graad 2-opvoeder moet voortbou op die werk wat in Graad 1 gedoen is ten opsigte van die Huistaal. Dit is daarom noodsaaklik dat die opvoeder vertrouwd sal wees met elke leerder se vermoë om die Huistaal te gebruik. 'n Vertrekpunt moet volgens die leerders se vorderingsverslag, profiel en portefeuljies bepaal word alvorens met Graad 2-modules begin word. Indien nodig moet die nodige aanpassings gemaak word.

Tydskedule

Daar word voorgestel dat ongeveer twee modules per kwartaal voltooi word. Die opvoeder moet haar deur die leerders laat lei aangesien die vinnige werkers gouer deur die modules sal werk terwyl die stadige werkers heelwaarskynlik meer tyd sal nodig hê.

Die bladsye vir die opvoeder wat by elke module aangeheg is, word nie aan die leerders uitgedeel nie.

- **LUISTER, PRAAT, LEES EN SKRYF**

Deur middel van nuusberigte oor die televisie, fakse, briewe, telefoonoproepe, padkaarte en 'n blokkiesraaisel word 'n verlore papegaai weer aan die dieretuin terugbesorg.

- **KLanke en woordbou**

Met bl, gl, kl, fl, pl, sl, vl vind woordbou plaas en leerders ontwikkel probleemoplossing-vaardighede.

- **SKRIF**

Die hoofletters U, Z, J, P, D, R, B, C, en O word aangeleer.

- **DIE GEDIG**

“Ek wil iets sê” beklemtoon die belangrikheid van luistervaardighede.

¹This content is available online at <<http://cnx.org/content/m32510/1.1/>>.

2.1.5 LEERDERS AFDELING

2.1.6 Inhoud

- Luister na die gedig.
- Verdeel in groepe en bespreek die vrae.

2.1.6.1 Ek wil iets sê

My ma sê ek praat te veel -

Maar hoe dan nou gemaak?
 Daar's so baie woorde in my kop
 En hul beland my in die sop.
 Ek wil mos graag aan almal sê
 Wat ek sien en doen en leer.
 Wil hul dan nie alles hoor nie?
 Stel hul nie in my belang nie!
 Die woorde borrel in my kop
 Want hul wil uit, ek kan nie help nie
 Net Ouma sê: "Kom sit hier, ek sal luister
 Na al die stories wat jy fluister".
 G.J.M.
 Vrae om te bespreek

- Wie praat so baie? Gee vir hom/haar 'n naam.
- Wat wil hy/sy sê?
- Hoekom dink julle wil ma nie luister nie?
- Praat oor hoe hy/sy voel omdat niemand wil luister nie.
- Het dit al ooit met julle gebeur?
- Vertel hoe jy gevoel het.
- Sê "ja" of "nee" - Dis belangrik om te LUISTER as iemand praat. Gee jou redes.
- Wat het Ouma gedoen?

LU 1.3.2	LU 1.3.5	LU 1.3.6	LU 1.3.7
----------	----------	----------	----------

Table 2.1

- Dit is belangrik om te luister sodat jy met die persoon kan praat.
- Lees wat sê hulle vir mekaar. Kleur die prentjies in as jy dink hulle het na mekaar geluister.

Anton sê:

Dirk sê:



Lisa sê:

Wanda sê:



Figure 2.1

LU 1.3.2	LU 3.2.1
----------	----------

Table 2.2

Mamma sê:

Lara sê:



Juffrou sê:

Ben sê:



Figure 2.2

LU 1.3.2		LU 3.2.1	
----------	--	----------	--

Table 2.3

- Ons luister ook na
- Teken soveel dinge as wat jy kan waarna ons **LUISTER**.



Figure 2.3

-
- Soek wat bymekaar pas.
 - Skryf die sinne oor. Begin met 'n hoofletter en eindig met 'n punt.

1. As die telefoon lui	na haar storie op die televisie.
1. Ek luister na die pragtige	na die nuus op die radio.
1. Ek hoor die	wil iemand met my praat.
<i>continued on next page</i>	

1. Mamma luister en kyk	voëltjies buite.
1. Pappa luister	musiek.

Table 2.4

LU 4.7.1	LU 4.8	LU 5.4.1	
----------	--------	----------	--

Table 2.5




Figure 2.4

LU 4.1	
--------	--

Table 2.6

2.1.7 Assessering

Leeruitkomste 1:LUISTER: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.

Asseseringstandaard 1.3: Dit is duidelik wanneer die leerder met genot na kort stories, rympies, gedigte en liedjies uit verskeie kulture luister en begrip toon;

1.3.2 vir besonderhede luister;

1.3.5 rae oor 'n mondelinge teks beantwoord;

1.3.6 gevoelens oor 'n mondelinge teks uitdruk en redes gee;

1.3.7 oorsaak en gevolg in 'n mondelinge teks bepaal.

Leeruitkomst 3:LEES EN KYK: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

Asseseringstandaard 3.2: Dit is duidelik wanneer die leerder betekenis uit geskrewe teks skep:

3.2.1 'n storie alleen of saam met die onderwyser lees:

Leeruitkomst 4SKRYF: Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

Asseseringstandaard 4.1: Dit is duidelik wanneer die leerder toenemend leesbaar skryf:

Asseseringstandaard 4.7: Dit is duidelik wanneer die leerder gepaste grammatikale strukture en skryfkonvensies gebruik en skryf sodat ander kan verstaan:

4.7.1 skryfstrukture vir verskillende soorte sinne en teksstrukture gebruik;

Asseseringstandaard 4.8: Dit is duidelik wanneer die leerder woorde, sinne en stories illustreer om begrip te toon.

Leeruitkomst 5:DINK EN REDENEER: Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

Asseseringstandaard 5.4: Dit is duidelik wanneer die leerder inligting verwerk:

5.4.1 spesifieke inligting uit 'n teks kies en dit verwerk.

2.2 Hier volg die nuus - 02²

2.2.1 AFRIKAANS HUISTAAL

2.2.2 Hier volg die nuus

2.2.3 OPVOEDERS AFDELING

2.2.4 Memorandum

INLEIDING

Die Graad 2-opvoeder moet voortbou op die werk wat in Graad 1 gedoen is ten opsigte van die Huistaal. Dit is daarom noodsaaklik dat die opvoeder vertrouwd sal wees met elke leerder se vermoë om die Huistaal te gebruik. 'n Vertrekpunt moet volgens die leerders se vorderingsverslag, profiel en portefeuljes bepaal word alvorens met Graad 2-modules begin word. Indien nodig moet die nodige aanpassings gemaak word.

Tydskedule

Daar word voorgestel dat ongeveer twee modules per kwartaal voltooi word. Die opvoeder moet haar deur die leerders laat lei aangesien die vinnige werkers gouer deur die modules sal werk terwyl die stadige werkers heelwaarskynlik meer tyd sal nodig hê.

Die bladsye vir die opvoeder wat by elke module aangeheg is, word nie aan die leerders uitgedeel nie.

- LUISTER, PRAAT, LEES EN SKRYF

Deur middel van nuusberigte oor die televisie, fakse, briewe, telefoonoproepe, padkaarte en 'n blokkiesraaisel word 'n verlore papegaai weer aan die dieretuin terugbesorg.

- KLANKE EN WOORDBOU

Met bl, gl, kl, fl, pl, sl, vl vind woordbou plaas en leerders ontwikkel probleemoplossing-vaardighede.

²This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26707/1.1/>>.

- SKRIF

Die hoofletters U, Z, J, P, D, R, B, C, en O word aangeleer.

- DIE GEDIG

“Ek wil iets sê” beklemtoon die belangrikheid van luistervaardighede.

2.2.5 LEERDERS AFDELING

2.2.6 Inhoud

- Lees die berig wat oor die televisie gekom het.




Figure 2.5

Vanoggend is alles in rep en roer by die dieretuin.

'n Baie duur en kosbare papegaai het weggeraak.

Die opsigter by die dieretuin vertel toe hy vanoggend by die papegaai se hok kom, was die hok oop. Daar was geen spoor van die kosbare voël nie.

Die papegaai se lyf is geel, blou en groen. Sy stertvere is lank en om sy oë is fyn rooi veertjies.

As iemand die papegaai gewaar, kan hulle die dieretuin skakel by die volgende nommer: 33555862.

'n Beloning van R200 sal betaal word aan enigiemand wat inligting kan verskaf wat sal lei tot die terugvind van die papegaai.

LU 3.3.1	LU 3.3.2	LU 3.5.1	
----------	----------	----------	--

Table 2.7

- Lees die lettergrepe.

van	og	gend		pa	pe	gaai

Table 2.8

op	sig	ter		veer	tjies

Table 2.9

vol	gen	de		be	lo	ning

Table 2.10

- Waar pas hulle in?

1. Die dieretuin se het gesê
..... was die weg.
2. Hy het mooi geel
3. Hulle sal 'n betaal.
4. Skakel die nommer.

LU 3.3.5	
----------	--

Table 2.11



Figure 2.6

LU 4.1	
--------	--

Table 2.12

- Lees die koerantberig.



Figure 2.7

2.2.6.1 Nuus van die Dieretuin

Die opsigter is raad-op!

Hy het so baie oproepe, fakse, briewe en telegramme gekry.

Almal sê hulle het die papegaaie gesien.

Hy weet nie waar om te begin soek nie.

Sy boodskappe het almal deurmekaar geraak.

Wie kan hom help?

LU 3.1.2	
----------	--

Table 2.13

2.2.6.2 Fakse



Figure 2.8

bl_k
 bli_k
 bl_k
 bl_
 bl_m
 bl_k

2.2.6.3 Briewe



Figure 2.9

gl_s
 gl_p
 gl_
 gl_d
 gl_---

2.2.6.4 Telegramme



Figure 2.10

kl_s
 kl_m
 kl_p
 kl_
 kl_
 kl_r
 kl_r
 kl_p

- Voltooi die woorde.
- Teken 'n prentjie langs elke woord.

LU 3.4.2		LU 3.4.7	
----------	--	----------	--

Table 2.14

- Verdeel in klein groepies.
- Praat oor: hoe het die papegaaï uitgekóm?
- Wat kan julle doen om die papegaaï terug te kry?

Dink aan baie planne.

- Skryf al jul planne hier neer.
- Kies die beste plan en merk dit met 'n regmerk.

1.
2.
3. 4.
- 5.
- 6.
- 7.
-

- Vertel vir die klas wat julle gaan doen.
- Teken 'n pragtige prent van die papegaaï wat weggeraak het. Lees weer oor hoe hy gelyk het.

LU 4.2.1		LU 4.2.2		LU 4.8	
----------	--	----------	--	--------	--

Table 2.15

Jy is nou die papegaai.
 Skryf oor jou lewe in die
 dieretuin.
 Vertel hoe jy uitgekom
 het.
 Hoe het jy gevoel?
 Het die mense jou
 teruggekry of is jy nog vry?



Kies vir jou 'n naam.
 Begin jou storie so:
 My naam is
 Skryf binne-in die lyne van die prent.
 Lees jou storie vir die klas.
 Knip die papegaai uit en maak 'n
 collage vir die klas.

Figure 2.11

LU 4.4.1	LU 4.5.1	LU 4.6.1	LU 4.6.2	
----------	----------	----------	----------	--

Table 2.16



Figure 2.12

LU 4.1	
--------	--

Table 2.17

2.2.7 Assessering

Leeruitkomst 3:LEES EN KYK: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

Assesseringstandaard 3.1: Dit is duidelik wanneer die leerder visuele leidrade gebruik om betekenis te skep:

3.1.2 ten opsigte van beelde, die gedrukte media en advertensies;

Asseseringstandaard 3.3: Dit is duidelik wanneer die leerder betekenis uit letters en woorde in langer tekste herken en skep:

- 3.3.1 met toenemende spoed en vlotheid lees;
- 3.3.2 hardop lees en die korrekte uitspraak en gepaste klem gebruik;

- lettergrepe gebruik om woorde te lees;

Asseseringstandaard 3.4: Dit is duidelik wanneer die leerder klankbewustheid ontwikkel:

- 3.4.2 twee- en drie letterkombinasies aan die begin en einde van woorde herken;
- 3.4.7 enkelklanke hersien;

Asseseringstandaard 3.5: Dit is duidelik wanneer die leerder vir inligting en genot lees:

- 3.5.1 'n verskeidenheid tekste vir genot lees.

Leeruitkomst 4SKRYF: Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

Asseseringstandaard 4.1: Dit is duidelik wanneer die leerder toenemend leesbaar skryf:

Asseseringstandaard 4.2: Dit is duidelik wanneer die leerder pre-skrifstrategieë gebruik om 'n skryfstuk te begin:

- 4.2.1 deelneem aan dinkskrum-aktiwiteite om idees vir skryf te kry;
- 4.2.2 idees met klasmaats en onderwyser deel;

Asseseringstandaard 4.4: Dit is duidelik wanneer die leerder skryfstukke hersien:

- 4.4.1 terugvoering te gee of te ontvang;

Asseseringstandaard 4.5: Dit is duidelik wanneer die leerder skryfstukke "publiseer":

- 4.5.1 werk met ander deel deur dit hardop te lees en/of in die klas uit te stal;

Asseseringstandaard 4.6: Dit is duidelik wanneer die leerder woordeskat opbou en begin woorde spel sodat ander dit kan lees en verstaan:

- 4.6.1 eksperimenteer met woorde uit eie taalervaring;

- algemene woorde korrek spel;

Asseseringstandaard 4.8: Dit is duidelik wanneer die leerder woorde, sinne en stories illustreer om begrip te toon.

2.3 Hier volg die nuus - 03³

2.3.1 AFRIKAANS HUISTAAL

2.3.2 Hier volg die nuus

2.3.3 OPVOEDERS AFDELING

2.3.4 Memorandum

INLEIDING

Die Graad 2-opvoeder moet voortbou op die werk wat in Graad 1 gedoen is ten opsigte van die Huistaal. Dit is daarom noodsaaklik dat die opvoeder vertrouwd sal wees met elke leerder se vermoë om die Huistaal te gebruik. 'n Vertrekpunt moet volgens die leerders se vorderingsverslag, profiel en portefeuljies bepaal word alvorens met Graad 2-modules begin word. Indien nodig moet die nodige aanpassings gemaak word.

Tydskedule

Daar word voorgestel dat ongeveer twee modules per kwartaal voltooi word. Die opvoeder moet haar deur die leerders laat lei aangesien die vinnige werkers gouer deur die modules sal werk terwyl die stadige werkers heelwaarskynlik meer tyd sal nodig hê.

Die bladsye vir die opvoeder wat by elke module aangeheg is, word nie aan die leerders uitgedeel nie.

³This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26708/1.1/>>.

- **LUISTER, PRAAT, LEES EN SKRYF**

Deur middel van nuusberigte oor die televisie, fakse, briewe, telefoonoproepe, padkaarte en 'n blokkiesraaisel word 'n verlore papegaai weer aan die dieretuin terugbesorg.

- **KLANKE EN WOORDBOU**

Met bl, gl, kl, fl, pl, sl, vl vind woordbou plaas en leerders ontwikkel probleemoplossing-vaardighede.

- **SKRIF**

Die hoofletters U, Z, J, P, D, R, B, C, en O word aangeleer.

- **DIE GEDIG**

“Ek wil iets sê” beklemtoon die belangrikheid van luistervaardighede.

2.3.5 LEERDERS AFDELING

2.3.6 Inhoud

2.3.6.1 Telefoonoproepe



Figure 2.13

pl_t	sl_g	vl_g
pl_k	sl_k	vl_k
pl_k	sl_p	vl_
pl_	sl__p	vl__r
pl__g	sl_k	vl_g
pl__t	sl_g	vl__

Table 2.18

- Voltooi die woorde.
- Teken 'n prentjie langs elke woord.
- Skryf jou eie sinne met

plat, plaat, sloop, slaap, vlooi, vloer.

LU 3.4.2	LU 4.7.2	LU 4.8
----------	----------	--------

Table 2.19

- As ek met iemand wat ver is wil "praat", kan ek dit so doen.
- Teken 'n prent en skryf 'n sin onderaan.
- Vra vir Ouma of Oupa of hulle ook so met hulle maats kon "praat" toe hy/sy jonk was.

LU 4.6.2	LU 4.6.4	LU 4.8
----------	----------	--------

Table 2.20

- Voltooi die blokkiesraaisel.

		1				
	2		3			
7						
			8			4
	9					
				5		
			10			

Table 2.21

AF

1. Ek het gewen.Ek is baie
2. Kyk hoe bl..... is hy.
3. Die konfyt is in die
4. Hy kl..... in die boom.
5. Wat pl..... jou?

DWARS

2. Die hond bl.....
7. Hy gl..... op die nat vloer.
8. Hy sl..... die kos in.
9. Moenie so kl..... nie.
10. Kyk die mooi bl.....

- Kies een en kleur dit in



Figure 2.14

LU 3.2.3	LU 3.4.2	
----------	----------	--

Table 2.22




Figure 2.15

LU 4.1	
--------	--

Table 2.23

- Lees van Flippie en Vlekkie.

Vlekkie is 'n hondjie.

Vlekkie is Flippie se hondjie.

Vlekkie begrawe sy bene in die tuin.

- Voltooi die storie met "vl" of "fl".
- Onthou die hoofletters aan die begin van 'n sin.

ippie het 'n hondjie. Sy naam is ekkie.
 Die hondjie het 'n swart ek oor sy oog.
 Daarom is sy naam ekkie.
 ekkie is uks en gehoorsaam. As
 ippie uit kom ekkie dadelik.
 Die mat lê op die oer. ekkie lê op die
 mat. Hy kyk na die es. Daar is 'n kers in die
 es. Die kers ikker in die es. Wat
 hoor ekkie? Hy ieg van die
 oer af op. Ja, dit is ippie wat vir hom
 uit. Hy storm by die deur uit om vir
 ippie te soek.

Figure 2.16

LU 3.4.2	LU 3.4.6
----------	----------

Table 2.24

2.3.7 Assessering

Leeruitkomste 3:LEES EN KYK: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

Assesseringstandaard 3.2: Dit is duidelik wanneer die leerder betekenis uit geskrewe teks skep:

3.2.3 eenvoudige instruksies in die klaskamer lees;

Assesseringstandaard 3.4: Dit is duidelik wanneer die leerder klankbewustheid ontwikkel:

3.4.2 twee- en drie letterkombinasies aan die begin en einde van woorde herken;

3.4.6 'n toenemende aantal hoëfrekwensiesigwoorde herken;

Leeruitkomste 4SKRYF: Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

Assesseringstandaard 4.6: Dit is duidelik wanneer die leerder woordeskat opbou en begin woorde spel sodat ander dit kan lees en verstaan:

4.6.2 algemene woorde korrek spel;

4.6.4 probeer om ontbrekende woorde te spel deur kennis van klanke te gebruik;

Assesseringstandaard 4.7: Dit is duidelik wanneer die leerder gepaste grammatikale strukture en skryfkonvensies gebruik en skryf sodat ander kan verstaan:

4.7.2 basiese puntuasie (hoofletters en punte) gebruik;

Asseseringstandaard 4.8: Dit is duidelik wanneer die leerder woorde, sinne en stories illustreer om begrip te toon.

2.4 Hier volg die nuus - 04⁴

2.4.1 AFRIKAANS HUISTAAL

2.4.2 Hier volg die nuus

2.4.3 OPVOEDERS AFDELING

2.4.4 Memorandum

INLEIDING

Die Graad 2-opvoeder moet voortbou op die werk wat in Graad 1 gedoen is ten opsigte van die Huistaal. Dit is daarom noodsaaklik dat die opvoeder vertrouwd sal wees met elke leerder se vermoë om die Huistaal te gebruik. 'n Vertrekpunt moet volgens die leerders se vorderingsverslag, profiel en portefeuljes bepaal word alvorens met Graad 2-modules begin word. Indien nodig moet die nodige aanpassings gemaak word.

Tydskedule

Daar word voorgestel dat ongeveer twee modules per kwartaal voltooi word. Die opvoeder moet haar deur die leerders laat lei aangesien die vinnige werkers gouer deur die modules sal werk terwyl die stadige werkers heelwaarskynlik meer tyd sal nodig hê.

Die bladsye vir die opvoeder wat by elke module aangeheg is, word nie aan die leerders uitgedeel nie.

- **LUISTER, PRAAT, LEES EN SKRYF**

Deur middel van nuusberigte oor die televisie, fakse, briewe, telefoonoproepe, padkaarte en 'n blokkiesraaisel word 'n verlore papegaai weer aan die dieretuin terugbesorg.

- **KLANKE EN WOORDBOU**

Met bl, gl, kl, fl, pl, sl, vl vind woordbou plaas en leerders ontwikkel probleemoplossing-vaardighede.

- **SKRIF**

Die hoofletters U, Z, J, P, D, R, B, C, en O word aangeleer.

- **DIE GEDIG**

“Ek wil iets sê” beklemtoon die belangrikheid van luistervaardighede.

⁴This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26710/1.1/>>.

2.4.5 LEERDERS AFDELING

2.4.6 Inhoud



Figure 2.17

- Lees Flippie se brief.

Beste mnr. Opsigter

Ek is jammer dat jou pragtige papegaai weggevlieg het.

Ek ken hom goed.

Ek het baie vir hom gekuier.

Ek het altyd vir hom grondboontjies geneem.

Hy is baie mak en het die grondboontjies uit my hand geëet.

Ek weet daar is baie gevare daar buite en ek is bang dat hy iets sal oorkom. Nou staan ek soggens vroeg op, ry op my fiets en soek in al die bome rond. Ongelukkig is sy vere dieselfde kleure as die blare van die bome. Ek sal hom nie maklik sien nie, daarom luister ek ook mooi of ek hom nie dalk kan hoor nie. Hy ken 'n paar woorde en het my nage-aap as ek met hom praat.

Ek is baie hartseer. Ek sal nie ophou soek nie.

Ek hoop ons kry hom gou.

Groete

Flippie Swart

LU 3.3.1	LU 3.3.2
----------	----------

Table 2.25

- Beantwoord die volgende vrae.
- Skryf in volsinne met hoofletters en punte.

Wie het die brief geskryf?

1. F.....

Aan wie het Flippie geskryf?

2. Flippie het

3. Wat het Flippie vir die papegaai gegee om te eet?

4. Wat het vir Flippie hartseer gemaak?

5. Hoe sal jy voel as jou troeteldier wegraak?

6. Hoekom sal Flippie nie maklik die papegaai in die takke kan sien nie?

.....
 7. Dink jy Flippie sal hom kry? Gee 'n rede vir jou antwoord.

LU 3.2.1	LU 4.6.1	LU 4.6.2	LU 4.6.4
----------	----------	----------	----------

Table 2.26




Figure 2.18

LU 4.1

Table 2.27

- Lees verder. Probeer om vlot te lees, met gevoel.

Vanoggend het Flippie en sy beste maat vroeg opgestaan.

Hulle wou weer die papegaai gaan soek.

Danie het vir Flippie by die huis gaan haal. Die son het net opgekom. Toe is die twee op hulle fietse weg.

"Ek wonder of die papegaai nog lewe," sê Danie.

"Hy is slim. Ek dink hy sal lank hier buite kan oorleef," sê Flippie.

"Ja, ek weet hy is slim, maar waar sal hy kos kry? Wat sal hy eet? In die dieretuin het die opsigter vir hom kos gebring. Hy het nie nodig gehad om te soek vir kos nie," sê Danie.

"Ag," sê Flippie, "hier is baie vrugtebome hier naby. Die papegaai hou baie van vrugte. Hy moet net nie oor die rivier vlieg nie. Daar is net groen koringlande. Daar sal nie genoeg kos vir hom wees nie."

"Die boere sal nie daarvan hou as hulle agterkom die papegaai pik aan die vrugte nie. Hulle sal hom sowaar skiet," sê Danie benoud.

"Kom, Danie, ons moet vinniger ry. Hy is al vier dae weg. Ons moet hom vandag kry", sê Flippie. Hy trap vinnig op sy fiets met Danie kort op sy hakke.

LU 3.3.1	LU 3.3.2	LU 5.1	
----------	----------	--------	--

Table 2.28

- Help hulle om die papegaai se deurmekaar taal te verstaan.
- Hier is die kode:-

$a = 1b = 2c = 3d = 4e = 5$	$f = 6g = 7h = 8i = 9j = 10$	$k = 11l = 12m = 13n = 14o = 15$	$p = 16q = 17r = 18s = 19t = 20$	$u = 21v = 22w = 23x = 24y = 25z = 26$
-----------------------------	------------------------------	----------------------------------	----------------------------------	--

Table 2.29

- Dit is wat hulle gehoor het.

11, 15, 13	8, 1, 1, 12	13, 25	5, 11	19, 11, 21, 9, 12
9, 14	4, 9, 5	7, 18, 15, 20	14, 1, 2, 25	
4, 9, 5	18, 9, 22, 9, 5, 18.			
5, 11	9, 19	19, 15	13, 15, 5, 7!! !!	

Table 2.30

LU 3.2.3	
----------	--

Table 2.31



Figure 2.19

Sersant: Ry soos ek vir julle gesê het




Figure 2.20

Flippie: Baie dankie, Sersant.

- Hier is die kaart met die instruksies om by die grot te kom.




Figure 2.21

LU 3.2.3	LU 5.1
----------	--------

Table 2.32

- Wys met pyltjies op die kaart hoe Flippie en Danie by die grot uitgekome het.




Figure 2.22

LU 5.1

Table 2.33

- Teken die dieretuin met die papegaai veilig terug in sy hok.
- Wat dink jy sê hulle nou?

Papegaai:
Flippie:
Opsigter:

Table 2.34

LU 4.3.1	LU 4.8
----------	--------

Table 2.35

2.4.7 Assessering

Leeruitkomste 3:LEES EN KYK: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

Assesseringstandaard 3.2: Dit is duidelik wanneer die leerder betekenis uit geskrewe teks skep:

3.2.1 'n storie alleen of saam met die onderwyser lees;

3.2.3 eenvoudige instruksies in die klaskamer lees;

Assesseringstandaard 3.3: Dit is duidelik wanneer die leerder klankbewustheid ontwikkel:

3.3.1 met toenemende spoed en vlotheid lees;

3.3.2 hardop lees en die korrekte uitspraak en gepaste klem gebruik;

Leeruitkomste 4SKRYF: Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

Assesseringstandaard 4.1: Dit is duidelik wanneer die leerder toenemend leesbaar skryf:

Assesseringstandaard 4.3: Dit is duidelik wanneer die leerder 'n konsepweergawe vir 'n skryfstuk vir verskillende redes skryf;

4.3.1 verskillende tekste skryf;

Assesseringstandaard 4.6: Dit is duidelik wanneer die leerder woordeskat opbou en begin woorde spel sodat ander dit kan lees en verstaan:

4.6.1 eksperimenteer met woorde uit eie taalervaring;

4.6.2 algemene woorde korrek spel;

4.6.4 probeer om ontbrekende woorde te spel deur kennis van klanke te gebruik;

Assesseringstandaard 4.8: Dit is duidelik wanneer die leerder woorde, sinne en stories illustreer om begrip te toon.

Leeruitkomste 5:DINK EN REDENEER: Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

Assesseringstandaard 5.1: Dit is duidelik wanneer die leerder taal gebruik om konsepte te ontwikkel.

2.5 Pret en plesier - 01⁵

2.5.1 AFRIKAANS HUISTAAL

2.5.2 Pret en plesier

2.5.3 OPVOEDERS AFDELING

2.5.4 Memorandum

INLEIDING

Die Graad 2-opvoeder moet voortbou op die werk wat in Graad 1 gedoen is ten opsigte van die Huistaal. Dit is daarom noodsaaklik dat die opvoeder vertrou sal wees met elke leerder se vermoë om die Huistaal te gebruik. 'n Vertrekpunt moet volgens die leerders se vorderingsverslag, profiel en portefeuljes bepaal word alvorens met Graad 2-modules begin word. Indien nodig moet die nodige aanpassings gemaak word.

TYDSKEDULE

Daar word voorgestel dat ongeveer twee modules per kwartaal voltooi word. Die opvoeder moet haar deur die leerders laat lei aangesien die vinnige werkers gouer deur die modules sal werk terwyl die stadige werkers heelwaarskynlik meer tyd sal nodig hê.

Die bladsye vir die opvoeder wat by elke module aangeheg is, word nie aan die leerders uitgedeel nie.

- LUISTER, PRAAT, LEES EN SKRYF

⁵This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26721/1.1/>>.

Bennie sien uit na die verrassings wat Pappa vir hom beplan het met sy verjaardag. Hy bekommer hom so oor die storms en slegte winterweer wat woed dat hy 'n aaklige nagmerrie beleef.

Die leerder begin sy skryfwerk beplan en voltooi 'n begripstoets.

Hy/sy voltooi 'n grafiek oor die weer en bespreek die grafiek.

Interessante raaisels kan voltooi word.

Besprekingsonderwerpe soos rampe en die gevolge van sulke rampe, voedseltekort, behuising, armoede gee aan leerders die geleentheid om betrokke te raak in die gemeenskap. Hulle ontwerp plakkate om voedsel in te samel, (Lewensoriëntering – Kuns) en ontsyfer 'n kode as voorbeeld vir 'n slagspreuk.

'n Resep word ingesluit sodat die opvoeder saam met die leerders koekies kan bak en die stappe een vir een volg (Tegnologie).

- **KLANKE EN WOORDBOU**

Vr, pr, dr, gr, gr, kr, tr, br, fr, sp, sn, sm, st word in konteks aangeleer.

- **SKRIF**

Die laaste hoofletters G, Q, S word aangeleer en die kleinletters word hersien.

- Gee die leerders die geleentheid om die storie te bespreek. Laat hulle vertel van slegte drome – nagmerries – wat hulle gehad het. Hoe het hulle gevoel? Hulle kan ook daaroor skryf.
- Toets hulle gereeld en kyk of hulle die spelwoorde in hierdie module kan klank en skryf. Indien hulle nog nie kan nie, moet die woorde met die dubbele medeklinkers soos hierin vervat, weer op die mat, in groepies of individueel geleer word. Maak seker dat hulle die betekenis van die woorde verstaan. Vra dus vir hulle om sinne met die woorde te maak.
- Sê/lees die gedig kort-kort vir die klas sodat hulle geleidelik die woorde kan memoriseer. Vestig hulle aandag op woorde met dieselfde klanke (rymwoorde), Vinnige leerders kan gerus probeer om hulle eie gediggies/rympies te skryf. Dit is lekker as hulle twee-twee hieraan kan werk.
- Moeilike sigwoorde in die leesstukke kan op flitskaarte geskryf word en leerders kan hulle vaslê deur speletjies daarmee te speel.
- Al die hoofletters vir skrif is nou aangeleer.

2.5.5 LEERDERS AFDELING

2.5.6 Inhoud

- Luister.
- Lees en leer.

2.5.6.1 Dis Winter!

Die wolke pak saam,

en die maan is verduister.

Die blitse flits dreigend,

en die aarde dié fluister.

Plif! Plof teen die venster,

dis die reën wat daar spat.

Die wêreld daar buite

is waternat!

Die wind se gesuis

deur blare en takke.

Dis die druppels wat skarrel,

op huise se dakke.
 Dit reën oor die land!
 Hoor die see se gedruis
 van branders wat breek
 op die nat, wit sand.
 G.J.M

- Vrae om te beantwoord en te bespreek.
- Wat dink jy het die aarde gefluister?
- Bespreek die tekens van winter in die eerste versie.
- Versier jou bladsy met “prente” uit die gedig.

LU 1.3.2	LU 3.2.1	LU 4.8	
----------	----------	--------	--

Table 2.36

- Lees die storie hardop. Luister mooi!

2.5.6.2 Bennie se Manewales

Bennie: Mamma, dit reën katte en honde buite! Wat gaan ons doen as dit môre reën? Ek verjaar en Pappa het belowe ons kan my maatjies verras met allerhande opwindende dinge wat ons saam gaan doen.

Wat gaan ons doen as dit reën? Ek wil nie net ‘n partytjie by die huis hê nie!

Mamma: Ja, Bennie, jy gaan die dag baie geniet. Pappa het baie lekker dinge beplan.

Jou uitnodigings is al gestuur en die reën sal ons nie keer nie. Het jy al gebad?

Jy moet nou gaan slaap anders is jy môre te moeg om die dag te geniet. Toe, weg is jy!

Bennie: (pleit by sy ma) Ek gaan nou slaap, Mamma, maar ek wil net gou die weervoorspelling sien. Ek wil sien of dit môre nog gaan reën. (Bennie skakel die televisie aan.)

LU 3.3.1	
----------	--

Table 2.37

- Luister eers.
- Lees.
- Bespreek hoe Bennie voel.



Figure 2.23

Bennie: (nou heeltemal mismoedig) Kan Mamma hoor! Dit gaan nog reën! Die strate lyk al soos riviere. Ons sal nêrens kan gaan nie!

Mamma: Nee, Bennie, die weerkantoor verwag dat dit môre sal opklaar. Toe, gaan slaap nou. Ek moet nog koek bak vir jou maatjies. Nag, Bennie!

Bennie: (loop kamer toe) Nag, Mamma.

LU 1.2		LU 1.3.6		LU 3.3.2	
--------	--	----------	--	----------	--

Table 2.38

- Juffrou: Kom ons maak 'n grafiek van die weer.

My grafiek vir.....
 maand

20				
19				
18				
17				
<i>continued on next page</i>				





16				
15				
14				
13				
12				
11				
10				
9				
8				
7				
6				
5				
4				
3				
2				
1				
 Dae Son	 Reën	 Wolke	 Wind	

Table 2.39

- Kies vier kleure; een vir son, een vir reën, ens.
- Kleur elke dag een blokkie in.
- Aan die einde van die maand kan jy sien of daar meer/minder sonnige, reënerige, winderige of bewolkte dae was.

LU 5.4.1	LU 5.4.2
----------	----------

Table 2.40

- Skryf oor die weer. Kyk na die grafiek op bladsy 4.
- Gebruik die woordeskat: meeste/minste/meer/minder.

Die Weer in
maand

- Van watter soort weer hou jy die meeste?
- Gee 'n rede vir jou antwoord.

Ek

.....

.....

.....

.....

.....

LU 4.7.2	LU 5.1.1	
----------	----------	--

Table 2.41




Figure 2.24


- Versier die patroon.

LU 4.1	
--------	--

Table 2.42

- Bespreek in groepe.
- Skryf.


Wat sê hierdie diertjies oor die weer?



erdwurm


Ek hou van

..... omdat




slak

.....




voël

.....



kat

.....



eend

.....

Figure 2.25

LU 4.2.1	LU 4.2.2	LU 5.1.1	
----------	----------	----------	--

Table 2.43

2.5.7 Assessering

Leeruitkomste 1:LUISTER: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.

Assesseringstandaard 1.2: Dit is duidelik wanneer die leerder gepaste luistergedrag toon deur respek vir die spreker te toon, beurte te neem om te praat, vrae te stel om duidelikheid te verkry en, indien gepas, kommentaar te lewer op dit wat gehoor is;

Assesseringstandaard 1.3: Dit is duidelik wanneer die leerder met genot na kort stories, rympies, gedigte en liedjies uit verskeie kulture luister en begrip toon;

1.3.2 vir besonderhede luister;

1.3.6 gevoelens oor 'n mondelinge teks uitdruk en redes gee;

Leeruitkomste 3:LEES EN KYK: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

Assesseringstandaard 3.2: Dit is duidelik wanneer die leerder betekenis uit geskrewe teks skep:

3.2.1 'n storie alleen of saam met die onderwyser lees:

Assesseringstandaard 3.3: Dit is duidelik wanneer die leerder betekenis uit letters en woorde in langer tekste herken en skep:

3.3.1 met toenemende spoed en vlotheid lees;

3.3.2 hardop lees en die korrekte uitspraak en gepaste klem gebruik;

Leeruitkomste 4:SKRYF: Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

Assesseringstandaard 4.1: Dit is duidelik wanneer die leerder toenemend leesbaar skryf:

Assesseringstandaard 4.2: Dit is duidelik wanneer die leerder pre-skrifstrategieë gebruik om 'n skryfstuk te begin:

4.2.1 deelneem aan dinkskrumaktiwiteite om idees vir skryf te kry;

4.2.2 idees met klasmaats en onderwyse deel;

Assesseringstandaard 4.7: Dit is duidelik wanneer die leerder gepaste grammatikale strukture en skryfkonvensies gebruik en skryf sodat ander kan verstaan:

4.7.2 basiese punktuasie gebruik;

Assesseringstandaard 4.8: Dit is duidelik wanneer die leerder woorde, sinne en stories illustreer om begrip te toon.

Leeruitkomste 5:DINK EN REDENEER: Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

Assesseringstandaard 5.1: Dit is duidelik wanneer die leerder taal gebruik om konsepte te ontwikkel:

5.1.1 konseptuele taal uit verskillende leerareas nodig op hierdie vlak en ter voorbereiding van die volgende vlak verstaan en gebruik;

Assesseringstandaard 5.4: Dit is duidelik wanneer die leerder inligting verwerk:

5.4.1 spesifieke inligting uit 'n teks kies en dit verwerk.

5.4.2 inligting in 'n eenvoudige grafiese vorm organiseer.

2.6 Pret en plesier - 02⁶

2.6.1 AFRIKAANS HUISTAAL

2.6.2 Pret en plesier

2.6.3 OPVOEDERS AFDELING

2.6.4 Memorandum

INLEIDING

Die Graad 2-opvoeder moet voortbou op die werk wat in Graad 1 gedoen is ten opsigte van die Huistaal. Dit is daarom noodsaaklik dat die opvoeder vertrouwd sal wees met elke leerder se vermoë om die Huistaal te gebruik. 'n Vertrekpunt moet volgens die leerders se vorderingsverslag, profiel en portefeuljies bepaal word alvorens met Graad 2-modules begin word. Indien nodig moet die nodige aanpassings gemaak word.

TYDSKEDULE

Daar word voorgestel dat ongeveer twee modules per kwartaal voltooi word. Die opvoeder moet haar deur die leerders laat lei aangesien die vinnige werkers gouer deur die modules sal werk terwyl die stadige werkers heelwaarskynlik meer tyd sal nodig hê.

Die bladsye vir die opvoeder wat by elke module aangeheg is, word nie aan die leerders uitgedeel nie.

- **LUISTER, PRAAT, LEES EN SKRYF**

Bennie sien uit na die verrassings wat Pappa vir hom beplan het met sy verjaardag. Hy bekommer hom so oor die storms en slegte winterweer wat woed dat hy 'n aaklige nagmerrie beleef.

Die leerder begin sy skryfwerk beplan en voltooi 'n begripstoets.

Hy/sy voltooi 'n grafiek oor die weer en bespreek die grafiek.

Interessante raaisels kan voltooi word.

Besprekingsonderwerpe soos rampe en die gevolge van sulke rampe, voedseltekort, behuising, armoede gee aan leerders die geleentheid om betrokke te raak in die gemeenskap. Hulle ontwerp plakkaat om voedsel in te samel, (Lewensoriëntering – Kuns) en ontsyfer 'n kode as voorbeeld vir 'n slagspreuk.

'n Resep word ingesluit sodat die opvoeder saam met die leerders koekies kan bak en die stappe een vir een volg (Tegnologie).

- **KLanke EN WOORDBOU**

Vr, pr, dr, gr, gr, kr, tr, br, fr, sp, sn, sm, st word in konteks aangeleer.

- **SKRIF**

Die laaste hoofletters G, Q, S word aangeleer en die kleinletters word hersien.

- Gee die leerders die geleentheid om die storie te bespreek. Laat hulle vertel van slegte drome – nagmerries – wat hulle gehad het. Hoe het hulle gevoel? Hulle kan ook daaroor skryf.
- Toets hulle gereeld en kyk of hulle die spelwoorde in hierdie module kan klank en skryf. Indien hulle nog nie kan nie, moet die woorde met die dubbele medeklinkers soos hierin vervat, weer op die mat, in groepies of individueel geleer word. Maak seker dat hulle die betekenis van die woorde verstaan. Vra dus vir hulle om sinne met die woorde te maak.
- Sê/lees die gedig kort-kort vir die klas sodat hulle geleidelik die woorde kan memoriseer. Vestig hulle aandag op woorde met dieselfde klanke (rymwoorde), Vinnige leerders kan gerus probeer om hulle eie gediggies/rympies te skryf. Dit is lekker as hulle twee-twee hieraan kan werk.
- Moeilike sigwoorde in die leesstukke kan op flitskaarte geskryf word en leerders kan hulle vaslê deur speletjies daarmee te speel.
- Al die hoofletters vir skrif is nou aangeleer.

⁶This content is available online at <<http://cnx.org/content/m32511/1.1/>>.

2.6.5 LEERDERS AFDELING

2.6.6 Inhoud

Kies vr- of pr-

- Voltooi die woorde op die slak.
- Maak jou eie sinne met hierdie woorde. Onthou hoofletters en punte.




Figure 2.26

- Sinne.

LU 3.4.3	
----------	--

Table 2.44

- Luister eers.
- Lees.
- Bespreek.
- Skryf.



Figure 2.27

LU 1.4	LU 2.2	LU 2.4.3	LU 3.2.1
--------	--------	----------	----------

Table 2.45

2.6.6.1 Wurms en Woordbou

- Voltooi die woorde.
- Gebruik dr- of gr-




Figure 2.28

- Lees en leer die woorde.
- Waar pas hulle in?

1. Twee kom voor
2. Kom ons gaan 'n entjie
3. Pappa sny die
4. Sy die lemoensap uit.
5. Mammie dra 'n mooi rok.
6. Gooi die skil in die
7. Hulle om en om.
8. Die man spit met 'n

LU 3.4.2	
----------	--

Table 2.46

- Lees hardop, met gevoel.

Bennie:

Ek lê in my bed.
 Ek luister na die reën daar buite.
 Ek hoor hoe spat die druppels
 teen die ruite.
 Ek hoor hoe suis die wind
 deur die blare en die takke.
 Ek hoor hoe breek die branders
 op die nat, wit sand.
 Ek sien die blitse daar ver.
 Ek weet die boere is bly oor
 die reën.
 Ek weet die damme gaan
 weer water kry.
 Ek weet die plante en bome
 het die reën nodig.
 Maar –
 Môre verjaar ek. Ek wil hê
 die son moet warm skyn.
 Ek wil swem in die see.
 Ek wil partytjie hou.

Ek wil alles doen wat
 Pappa vir ons beplan het.
 Daar steek die maan nou sy kop uit.
 Die mooi, ronde, geel ma-a-a-a-an!
 Gaap! Gaap!
 Nou gaan ek slaap! Goeienag!

LU 3.3.1	LU 3.3.3
----------	----------

Table 2.47

- Beantwoord die volgende vrae: Skryf die antwoorde.

1. Wie is die karakters in die storie van
 Bennie se manewales?

.....

2. Wat beteken: Dit reën katte en honde?

.....

3. Bennie wil nie hê dit moet môre reën nie, want

.....

die boere bly dat dit reën?

.....

4. Waarom is

LU 3.2.1	
----------	--

Table 2.48




Figure 2.29

- Versier die patroon.

LU 4.1	
--------	--

Table 2.49

2.6.7 Assessering

Leeruitkomste 1:LUISTER: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.

Assesseringstandaard 1.4: Dit is duidelik wanneer die leerder luister na raaisels en grappies, dit geniet en gepas daarop reageer.

Leeruitkomste 2:PRAAT: Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

Asseseringstandaard 2.2: Dit is duidelik wanneer die leerder taal verbeeldingryk vir pret en fantasie gebruik;

Asseseringstandaard 2.4: Dit is duidelik wanneer die leerder aan klas- en groepbesprekings deelneem:
2.4.3 idees voorstel en daarop uitbrei;

- **KLANKE EN WOORDBOU**

Die begin klanke sw, kw en tw word in konteks behandel, asook die eindklanke -nk, -nt, -ng en -ns.

‘n Blokkiesraaisel en woordblok word gebruik vir vaslegging.

- **SKRIF**

Voorbeelde van skriflesse word ingesluit om moeilike hoofletters weer te hersien. Leerders behoort nou met gemak sinne met hoofletters wat korrek gevorm word te kan gebruik.

Skrif:

In die modules 1 – 4 is al die hoofletters in drukskrif aangeleer.

In hierdie module word ‘n voorbeeld van elke hoofletter weer eens gegee.

Die skriflesse kan nou aangebied word. Daar word aanbeveel dat die hoofletters wat leerders nog nie bemeester het nie, gereeld hersien word.

Daar behoort daagliks aan skrif aandag gegee te word. Leerders moet die geleentheid kry om die formasie van die letters te oefen sodat hulle met meer gemak duidelik en vinniger kan skryf.

Kreatiewe Skryfwerk:

Leerders word in hierdie module bewus van ‘n storie se begin, die middel en die einde. Nadat hulle die sinne georden het, moet hulle die verhaal uitbrei en hulle eie gedagtes byvoeg. As die klas dit saam bespreek, kan baie idees gegee word om hulle stories interessanter te maak. Die voorstelle kan ook op die skryfbord aangebring word sodat leerders die idees in hul eie stories kan gebruik.

3.5.5 LEERDERS AFDELING

3.5.6 Inhoud

- Lees die storie.

3.5.6.1 Goeie nuus.

Nee, die span het nie die goue medalje gekry nie – wel silwer.

Themba was bly oor sy span en het hulle geluk gewens.

“Toemaar,” het hulle gesê, “volgende jaar speel jy weer vir ons span, Themba, dan sal ons hulle wys!” Themba glimlag net en sê: “Ons sal sien”.

Daardie middag kry al die kinders ‘n omsendbrief om huis toe te neem. Eers toe Themba by die huis kom, lees hy die brief. Ouma Rosie luister.

Geagte Ouers

Die rugbyseisoen het goed afgesluit.

Die onder 9-span het silwer medaljes gekry. Ons sê baie geluk aan hulle.

(Daar was nog ander sportuitslae, maar Themba stel nie baie belang nie. Hy lees die laaste stukkie wat in groot letters gedruk is).

ONS BEGIN VOLGENDE WEEK MET 'N SWEMGALA. ALMAL MOET INSKRYF. DAAR GAAN GROOT PRYSE WEES.

- Wat dink jy gaan gebeur?

LU 1.3.3	LU 3.3.1	LU 3.3.2
----------	----------	----------

Table 3.30

- Skryf die woorde wat eindig met 'n -ns.




Figure 3.15

- Teken die prente langs die woorde.

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

.....

LU 3.4.4	LU 4.8
----------	--------

Table 3.31

- Voltooi die sinne.
1. Die gans
 2. Die krans
 3. Ek wens
 4. Die mens
 5. Die pons
 6. Ons
 7. Die gans se dons
 8. Dans
 9. Haar kuns

LU 4.6.1	LU 4.6.2
----------	----------

Table 3.32

- Lees die storie.

Dit is Maandagoggend in die saal.

Meneer kondig die uitslae van die swemgala aan en vra dat die weners verhoog toe sal kom om hulle pryse en medaljes te ontvang.

“Ons begin by die kruipslag, onder 9. Eerste: Themba “.

Themba wip soos hy skrik. Vinnig is hy op die verhoog, terwyl die hele skool hard hande klap. Meneer hang die GOUE medalje om sy nek en oorhandig aan hom ‘n koevert. Die tweede en derde prysweners kom staan langs hom.

“En nou die uitslae van die borsslag, onder 9. Eerste: Themba”

Nog ‘n GOUE MEDALJE! Nog’n koevert!

“En nou die uitslag van die rugslag, onder 9. Eerste: Themba”

DRIE GOUE MEDALJES! DRIE KOEVERTE!

“Hip hip hoera!” skreeu almal.

“Kyk hoe lyk hy nou! Themba is ‘n wenner!” skreeu hulle.

Themba kyk af na die medaljes om sy nek.

LU 3.3.1	LU 3.3.3
----------	----------

Table 3.33

- Luister na die gedig.
- Luister weer en bespreek wanneer is jy ‘n wenner.
- Lees en leer die gedig.

3.5.6.2 Jy's 'n wenner!

Jy's 'n wenner,
 jy's 'n wenner,
 as jy hard probeer,
 met durf volhou
 en dan presteer.
 Jy's 'n wenner,
 jy's 'n wenner,
 as jy soms verloor
 en jou glimlag nog steeds
 almal kan bekoor.
 Jy's 'n wenner,
 jy's 'n wenner,
 as jy net aanhou
 al moet jy ook soms
 harde bene kou.
 Jy's 'n wenner,
 jy's 'n wenner,
 jy's 'n wenner sowaar
 as jy swaarkry en mislukkings
 in die lewe aanvaar.
 G.J.M.

- Themba het drie medaljes en drie koeverte gekry.
- Vertel vir mekaar wat julle dink in die koeverte was.
- Teken wat jy dink in elke koevert was.

**Table 3.34**

LU 4.8		LU 5.2.2	
--------	--	----------	--

Table 3.35

- Dink eers.
- Antwoorde is onderaan die bladsy.



Figure 3.16

- Antwoorde:

1. Niks – dit het net gewaai.
2. 'n Spaarbussie.
3. Seekatte.
4. Hulle het nie hare of tande nie.
5. In die woordeboek.
6. Gaan jy vanaand uit?
7. Horlosie.

- Vra vir die klas ander raaisels wat jy ken.

LU 2.2	LU 3.5.5
--------	----------

Table 3.36

- Ek kan hierdie woorde lees.
- Hou die bladsy in jou lêer.

gehinder onthou gereeld oefeninge
 herstel heeltemal kere atletiek
 netbalspanne rugby kaptein drieë
 verveeld eindfluitjie somer kruipslag
 borsslag rugslag uitslae medalje
 meter biblioteek speurverhale reisverhale
 avonture bodem reddingspan Paradyseiland
 dinosourusse bibliotekaresse sportuitslae swemgala
 koevert spandeer verkeerde enigste

LU 3.3.5	LU 4.6.5
----------	----------

Table 3.37

3.5.7 Assessering

Leeruitkomste 1:LUISTER: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.

Assesseringstandaard 1.3: Dit is duidelik wanneer die leerder met genot na stories, gedigte, liedjies en ander mondelinge tekste luister en begrip toon:

1.3.3 voorspel wat gaan gebeur;

Leeruitkomste 2:PRAAT: Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

Assesseringstandaard 2.2: Dit is duidelik wanneer die leerder taal verbeeldingryk vir pret en fantasie gebruik;

Leeruitkomste 3:LEES EN KYK: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

Assesseringstandaard 3.3: Dit is duidelik wanneer die leerder betekenis uit letters en woorde in langer tekste herken en skep:

3.3.1 met toenemende spoed en vlotheid lees;

3.3.2 hardop lees en die korrekte uitspraak en gepaste klem gebruik;

3.3.3 klank- en ander woordherkennings- en begripsvaardighede gebruik, soos kontekstuele leidrade en die maak van voorspellings ten einde 'n teks te verstaan;

3.3.5 lettergrepe gebruik om woorde te lees;

Assesseringstandaard 3.4: Dit is duidelik wanneer die leerder klankbewustheid ontwikkel:

3.4.4 meer komplekse woordfamilies herken.

Assesseringstandaard 3.5: Dit is duidelik wanneer die leerder vir inligting en genot lees:

3.5.5 raaisels en grappies lees.

Leeruitkomste 4SKRYF: Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

Assesseringstandaard 4.1: Dit is duidelik wanneer die leerder toenemend leesbaar skryf:

Leeruitkomste 4SKRYF: Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

Assesseringstandaard 4.6: Dit is duidelik wanneer die leerder woordeskat opbou en woorde begin spel sodat ander dit kan lees en verstaan:

4.6.1 eksperimenteer met woorde uit eie taalervaring;

4.6.2 algemene woorde korrek spel;

4.6.5 'n woordbank en 'n persoonlike woordeboek opbou;

Assesseringstandaard 4.8: Dit is duidelik wanneer die leerder woorde / sinne / stories illustreer om begrip te toon.

Leeruitkomste 5:DINK EN REDENEER: Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

Assesseringstandaard 5.2: Dit is duidelik wanneer die leerder taal gebruik om te dink en te redeneer:

5.2.2 hoërdedenke en die meegaande taal gebruik, soos maak afleidings, pas kennis toe, evalueer.

3.6 Tot bo by die wolke - 01⁶

3.6.1 AFRIKAANS HUISTAAL

3.6.2 Tot bo by die wolke

3.6.3 OPVOEDERS AFDELING

3.6.4 Memorandum

INLEIDING

Die Graad 2-opvoeder moet voortbou op die werk wat in Graad 1 gedoen is ten opsigte van die Huistaal. Dit is daarom noodsaaklik dat die opvoeder vertrouwd sal wees met elke leerder se vermoë om die Huistaal te gebruik. 'n Vertrekpunt moet volgens die leerders se vorderingsverslag, profiel en portefeuljes bepaal word alvorens met Graad 2-modules begin word. Indien nodig moet die nodige aanpassings gemaak word.

Tydskedule

Daar word voorgestel dat ongeveer twee modules per kwartaal voltooi word. Die opvoeder moet haar deur die leerders laat lei aangesien die vinnige werkers gouer deur die modules sal werk terwyl die stadige werkers heelwaarskynlik meer tyd sal nodig hê.

Die bladsye vir die opvoeder wat by elke module aangeheg is, word nie aan die leerders uitgedeel nie.

- **LUISTER, PRAAT, LEES EN SKRYF**

Themba neem belangrike besluite oor hoe hy sy prysgeld gaan spandeer.

Die gedig "Hoër as die wolke" bevat leidrade wat die leerders kan oorweeg om te besluit wat hulle dink Themba sal besluit. Groepwerk kan sorg vir 'n lewendige bespreking.

Die onderhoud wat die verslaggewer met Themba voer, kan aanleiding gee tot onderhoude tussen leerders in die klas. Leerders vertel ook wat hulle met die prysgeld sou gedoen het.

- **KLANKE EN WOORDBOU**

-ks, -mp, -lp, -lf en -lk word in hierdie module aangeleer.

- **SKRIF**

Hersiening van moeilike hoofletters gaan voort.

3.6.5 LEERDERS AFDELING

3.6.6 Inhoud

- Lees verder van

Julle onthou seker nog vir Themba. Julle onthou hoe hy die goue medaljes gewen het.

Julle onthou van die drie koeverte wat hy as eerste pryse vir rugsag, borsslag en kruipslag gekry het.

En was hy nie trots nie!

In elke koevert was driehonderd rand. Themba kon sy oë nie glo nie!

Negehonderd rand! Hy het nog nooit soveel geld gehad of gesien nie.

Sy maats het almal nader gestaan en hom geluk gewens.

"Themba," vra hulle, "wat gaan jy met soveel geld maak?"

Themba glimlag breed.

"Ek sal nog besluit wat ek daarmee sal maak," sê hy.

Hy sit die geld versigtig in sy beursie en bêre sy beursie in sy sak.

"Sjoe," dink hy, "dit was 'n GROOT verrassing. "Ek wonder wat Ma en Pa hiervan sal sê."

⁶This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26917/1.1/>>.

LU 3.2

Table 3.38

- Oefen weer hierdie hoofletters.
- Versier die patroon.



Figure 3.17

LU 4.1

Table 3.39

- Voltooi die skoenlappers.

- Skryf die woorde oor.




Figure 3.18

- Maak seker jy weet wat elke woord beteken.
- Skryf jou eie sinne.

1.
.....
2.
.....
3.
.....
4.
.....
5.
.....

LU 3.4	LU 4.7
--------	--------

Table 3.40

- Lees die storie.

Themba is haastig om by die huis te kom.

Hy kan nie wag om vir almal te vertel van sy pryse nie.

Hy maak die voordeur oop en storm in. Daar trek sy boeksak!

Ouma Rosie kom kyk wat se lawaai dit nou is. Sy is verbaas om te sien waar Themba se boeksak lê.

Sy wil net begin raas, toe begin almal gelyk praat: Themba, Thandi en al hulle maats.

Uiteindelik bedaar hulle en hoor Ouma Rosie die storie van die drie koeverte met driehonderd rand in elkeen.

Sy kon haar ore nie glo nie en druk vir Themba so hard dat hy skaars kon asemhaal.

“Wat nou, Themba! Het jy al gedink wat jy daarmee gaan maak?” vra sy.

“Ek gaan eers wag tot Ma en Pa huistoe kom,” sê Themba, “dan sal ek besluit wat ek gaan doen.”

LU 3.3	LU 3.4
--------	--------

Table 3.41




Figure 3.19

LU 4.1

Table 3.42

- Voltooi die woorde op die blomme.
- Skryf die woorde oor.




Figure 3.20

[U+263B] Maak seker jy weet wat elke woord beteken.

[U+263B] Skryf jou eie sinne.

[U+263B] Onthou hoofletters en punte.

1. 3.
2. 4.
- 5.
-
-
-
-

LU 3.4	LU 4.7
--------	--------

Table 3.43

3.6.7 Assessering

Leeruitkomste 3:LEES EN KYK: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

Assesseringstandaard 3.2: Dit is duidelik wanneer die leerder betekenis uit geskrewe teks skep:

Assesseringstandaard 3.3: Dit is duidelik wanneer die leerder betekenis uit letters en woorde in langer tekste herken en skep:

3.3.5 lettergrepe gebruik om woorde te lees;

Assesseringstandaard 3.4: Dit is duidelik wanneer die leerder klankbewustheid ontwikkel:

Leeruitkomste 4SKRYF: Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

Assesseringstandaard 4.1: Dit is duidelik wanneer die leerder toenemend leesbaar skryf.

Assesseringstandaard 4.7: Dit is duidelik wanneer die leerder gepaste grammatikale strukture en skryfkonvensies gebruik en skryf sodat ander kan verstaan.

3.7 Tot bo by die wolke - 02⁷

3.7.1 AFRIKAANS HUISTAAL

3.7.2 Tot bo by die wolke

3.7.3 OPVOEDERS AFDELING

3.7.4 Memorandum

INLEIDING

Die Graad 2-opvoeder moet voortbou op die werk wat in Graad 1 gedoen is ten opsigte van die Huistaal. Dit is daarom noodsaaklik dat die opvoeder vertrouwd sal wees met elke leerder se vermoë om die Huistaal te gebruik. 'n Vertrekpunt moet volgens die leerders se vorderingsverslag, profiel en portefeuljes bepaal word alvorens met Graad 2-modules begin word. Indien nodig moet die nodige aanpassings gemaak word.

Tydskedule

Daar word voorgestel dat ongeveer twee modules per kwartaal voltooi word. Die opvoeder moet haar deur die leerders laat lei aangesien die vinnige werkers gouer deur die modules sal werk terwyl die stadige werkers heelwaarskynlik meer tyd sal nodig hê.

Die bladsye vir die opvoeder wat by elke module aangeheg is, word nie aan die leerders uitgedeel nie.

- **LUISTER, PRAAT, LEES EN SKRYF**

Themba neem belangrike besluite oor hoe hy sy prysgeld gaan spandeer.

Die gedig "Hoër as die wolke" bevat leidrade wat die leerders kan oorweeg om te besluit wat hulle dink Themba sal besluit. Groepwerk kan sorg vir 'n lewendige bespreking.

Die onderhoud wat die verslaggewer met Themba voer, kan aanleiding gee tot onderhoude tussen leerders in die klas. Leerders vertel ook wat hulle met die prysgeld sou gedoen het.

- **KLANKE EN WOORDBOU**

-ks, -mp, -lp, -lf en -lk word in hierdie module aangeleer.

- **SKRIF**

Hersiening van moeilike hoofletters gaan voort.

3.7.5 LEERDERS AFDELING

3.7.6 Inhoud

- Luister na die gedig.
- Lees dit.
- Teken prente rondom.

3.7.6.1 Hoër as die wolke

Ek wens ek was 'n skoenlapper,
met vlerke mooi en sterk.
ek sal tot by die wolke vlieg,
en neerkyk op blomme waar ek werk.
Ek wens die helikopter wil my neem
nog hoër as die wolke,

⁷This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26919/1.1/>>.

dan sal ek afkyk op die berge,
 bome, en die see se golwe.
 Ek wens ek was 'n ruiteman,
 dan sal ek met my ruimteskip
 tot ver bo die wolke reis
 en op die maan gaan wip.
 G.J.M.

- Soek woorde wat rym.
- Sou jy graag 'n skoeklapper wou wees? Gee jou redes.
- Sou jy graag 'n ruimteman wou wees? Gee jou redes.

LU 1.3		LU 2.4		LU 3.2	
--------	--	--------	--	--------	--

Table 3.44

- Verdeel in groepies van vier en bespreek wat julle dink Themba met sy prysgeld gaan doen.
- Lees weer die gedig “Hoër as die wolke.”
- Die gedig bevat leidrade wat julle sal help om te weet wat Themba sal kies.
- Vra vir mekaar die volgende vrae.

1. Waarvan hou Themba?
 2. Wat sal hy graag wil doen?
 3. Hoe sal hy dit kan regkry?
 4. Wie sal hom kan help?

- Elke groep moet hulle keuse maak en hierdie sin voltooi:

Ons dink Themba sal omdat

- Vertel vir die klas wat julle besluit het.
- Bespreek elke groep se besluite.

LU 2.4		LU 4.4		LU 5.3	
--------	--	--------	--	--------	--

Table 3.45

- Julle het nou almal se besluite gehoor.
- Skryf nou jou eie storie oor wat JY dink Themba met sy prysgeld gaan doen.
- Gee redes waarom jy so besluit het.

3.7.6.2 Themba se prysgeld


.....

.....

.....

.....

.....



LU 4.2	LU 4.7
--------	--------

Table 3.46




Figure 3.21

LU 4.1	
--------	--

Table 3.47

- Voltooi die woorde met die eindklanke wat op die helikopter is.
- Skryf die woorde oor.
- Maak sinne met die woorde.




Figure 3.22

- Skryf jou eie sinne.

1.

2.

3.

4.

5.

LU 3.4	LU 4.7
--------	--------

Table 3.48

- Help vir Themba om 'n bedankingsbrief aan die skool te skryf.

Hy wil graag dankie sê vir die geldpryse.

Begin so

Beste Mnr.

.....

- Teken Themba se naam.

LU 3.4		LU 4.6	
--------	--	--------	--

Table 3.49

- Lees die onderhoud wat die verslaggewer van “Die Nuusblad” met Themba gevoer het.

Verslaggewer: Middag, Themba. My naam is Anton. Vertel

vir my van die drie goue medaljes wat jy gewen het.

Themba: (Taamlik selfbewus en skaam) Ja, ek het die drie goue medaljes gekry omdat ek eerste gekom het in borsslag, rugslag en kruipslag. Dit was by die skool se swemgala.

Anton: Nou hoe lank swem jy al?

Themba: Ek het verlede jaar begin swem. Ek het my been gebreek en kon nie verlede seisoen rugby speel nie. Toe begin ek maar swem om my been oefening te gee.

Anton: Hoeveel keer in die week oefen jy swem?

Themba: Ek swem soveel ek kan. Elke dag gaan ek swembad toe en dan oefen ek ‘n paar uur.

Anton: En nou, Themba, watter planne het jy met jou prysgeld?

Themba: Ek het my planne gisteraand met my ouers bespreek. Hulle sê dit is my geld en ek moet self besluit. Wel, ek wil ‘n boek oor die ruimte koop. Ek hou van lees. Ek wil ook baie graag in ‘n helikopter ry. My pa het gesê hy sal uitvind of ek dit sal kan doen. Die ander geld gaan ek spaar.

LU 3.3	
--------	--

Table 3.50




Figure 3.23

LU 4.1	
--------	--

Table 3.51

- Voltooi die woorde met die eindklanke op die vuurpyl.
- Skryf die woorde oor.
- Maak sinne met die woorde.




Figure 3.24

Sinne:

1.
2.
3.
4.
5.

LU 3.4	LU 4.7
--------	--------

Table 3.52

3.7.7 Assessering

Leeruitkomste 1:LUISTER: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne ‘n wye verskeidenheid situasies te reageer.

Assesseringstandaard 1.3: Dit is duidelik wanneer die leerder met genot na kort stories, rympies, gedigte en liedjies uit verskeie kulture luister en begrip toon;

Leeruitkomste 2:PRAAT: Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne ‘n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

Assesseringstandaard 2.4: Dit is duidelik wanneer die leerder aan klas- en groepbesprekings deelneem.

Leeruitkomste 3:LEES EN KYK: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

Assesseringstandaard 3.2: Dit is duidelik wanneer die leerder betekenis skep uit geskrewe teks;

Assesseringstandaard 3.3: Dit is duidelik wanneer die leerder betekenis uit letters en woorde in langer tekste herken en skep:

Assesseringstandaard 3.4: Dit is duidelik wanneer die leerder klankbewustheid ontwikkel:

Leeruitkomste 4SKRYF: Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir ‘n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

Assesseringstandaard 4.1: Dit is duidelik wanneer die leerder toenemend leesbaar skryf:

Assesseringstandaard 4.4: Dit is duidelik wanneer die leerder skryfstukke hersien:

Asseseringstandaard 4.7: Dit is duidelik wanneer die leerder gepaste grammatikale strukture en skryfkonvensies gebruik en skryf sodat ander kan verstaan:

Leeruitkomst 5:DINK EN REDENEER: Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

Asseseringstandaard 5.3: Dit is duidelik wanneer die leerder taal gebruik om te ondersoek:

3.8 Tot bo by die wolke - 03⁸

3.8.1 AFRIKAANS HUISTAAL

3.8.2 Tot bo by die wolke

3.8.3 OPVOEDERS AFDELING

3.8.4 Memorandum

INLEIDING

Die Graad 2-opvoeder moet voortbou op die werk wat in Graad 1 gedoen is ten opsigte van die Huistaal. Dit is daarom noodsaaklik dat die opvoeder vertrouwd sal wees met elke leerder se vermoë om die Huistaal te gebruik. 'n Vertrekpunt moet volgens die leerders se vorderingsverslag, profiel en portefeuljies bepaal word alvorens met Graad 2-modules begin word. Indien nodig moet die nodige aanpassings gemaak word.

Tydskedule

Daar word voorgestel dat ongeveer twee modules per kwartaal voltooi word. Die opvoeder moet haar deur die leerders laat lei aangesien die vinnige werkers gouer deur die modules sal werk terwyl die stadige werkers heelwaarskynlik meer tyd sal nodig hê.

Die bladsye vir die opvoeder wat by elke module aangeheg is, word nie aan die leerders uitgedeel nie.

- **LUISTER, PRAAT, LEES EN SKRYF**

Themba neem belangrike besluite oor hoe hy sy prysgeld gaan spandeer.

Die gedig “Hoër as die wolke” bevat leitrade wat die leerders kan oorweeg om te besluit wat hulle dink Themba sal besluit. Groepwerk kan sorg vir 'n lewendige bespreking.

Die onderhoud wat die verslaggewer met Themba voer, kan aanleiding gee tot onderhoude tussen leerders in die klas. Leerders vertel ook wat hulle met die prysgeld sou gedoen het.

- **KLANKE EN WOORDBOU**

-ks, -mp, -lp, -lf en -lk word in hierdie module aangeleer.

- **SKRIF**

Hersiening van moeilike hoofletters gaan voort.

3.8.5 LEERDERS AFDELING

3.8.6 Inhoud

- Lees die berig wat Saterdag in “Die Nuusblad” verskyn het.

⁸This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26922/1.1/>>.

3.8.6.1 Themba se planne.

Themba, die leerder wat drie goue medaljes by sy skool se swemgala gewen het, het gister besluit wat hy met die prysgeld wil doen.

Hy gaan 'n boek oor die ruimte koop. Hy is 'n ywerige leser en stel baie belang in die ruimte.

Dan gaan hy ook baie graag kyk of hy 'n rit in 'n helikopter kan onderneem. Themba is baie entoesiasies en opgewonde en wag nou net om te hoor of sy wense sal waar word.

Anton

- Hoe voel jy oor Themba se planne?
- Vertel vir jou maats wat jy met die prysgeld sou gedoen het.
- Klap die woord, “entoesiasies”. Uit hoeveel lettergrepe bestaan dit?
- Hier is drie sinne. Watter een behoort eerste, tweede, en derde te wees om 'n storie te maak.

		Hy kry baie geld.
		Themba wen drie medaljes.
		Hy gaan in 'n helikopter ry.

Table 3.53

LU 2.4	LU 3.1	LU 3.2	LU 5.2
--------	--------	--------	--------

Table 3.54

- Voltooi die woorde met die eindklanke op die maan.
- Skryf die woorde oor.
- Maak sinne met die woorde.




Figure 3.25

Sinne:

1.
2.
3.
4.
5.

LU 3.4	LU 4.7
--------	--------

Table 3.55

- Die posman het vandag ‘n brief vir Themba afgelewer.
- Lees Themba se brief.

Liewe Themba

Ek het gister se berig in die koerant gelees. Jy sê jy wil graag ‘n rit in ‘n helikopter onderneem.

Ek wil graag jou drome waar maak. Ek is ‘n boer in die omgewing en ek wil graag vir jou met my helikopter op ‘n vlug neem. Ek is ‘n ervare vlieënier.

Bespreek dit met jou ouers. Daar sal geen koste aan die vlug verbonde wees nie. Ons sal twee uur in die lug wees. Ek weet jy sal dit baie geniet. My telefoonnommer is 075 333 280.

Groete

Ben le Roux

- Bespreek hoe Themba nou voel.
- Wat dink jy, behoort Themba die aanbod te aanvaar?

LU 3.3	LU 5.3
--------	--------

Table 3.56

- Beplan jou eie storie oor “Themba vlieg tot bo by die wolke”. Bespreek dit met ‘n maat.
- Jou storie moet ‘n begin, ‘n middel en ‘n einde hê.
- Skryf ‘n paar gedagtes neer oor wat jy in die begin wil sê, bv. wie almal saamgery het, hoe die helikopter gelyk het, hoe Themba gevoel het.
- Skryf nou ‘n paar gedagtes neer oor die vlug, bv. hoe die helikopter opgestyg het, wat Themba van bo af gesien het.
- Skryf nou ‘n paar gedagtes neer oor hoe jy jou storie gaan eindig, bv. hoe die helikopter geland het, Themba se gevoelens, ens.

LU 4.4	LU 4.7
--------	--------

Table 3.57

LU 3.3	LU 4.6
--------	--------

Table 3.59

3.8.7 Assessering

Leeruitkomste 2:PRAAT: Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

Assesseringstandaard 2.4: Dit is duidelik wanneer die leerder aan klas- en groepbesprekings deelneem.

Leeruitkomste 3:LEES EN KYK: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

Assesseringstandaard 3.1: Dit is duidelik wanneer die leerder visuele leidrade gebruik om betekenis te skep;

Assesseringstandaard 3.2: Dit is duidelik wanneer die leerder betekenis skep uit geskrewe teks;

Assesseringstandaard 3.3: Dit is duidelik wanneer die leerder betekenis uit letters en woorde in langer tekste herken en skep;

Assesseringstandaard 3.4: Dit is duidelik wanneer die leerder klankbewustheid ontwikkel;

Leeruitkomste 4SKRYF: Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

Assesseringstandaard 4.4: Dit is duidelik wanneer die leerder skryfstukke hersien;

Assesseringstandaard 4.6: Dit is duidelik wanneer die leerder woordeskat opbou en woorde begin spel sodat ander dit kan lees en verstaan;

Assesseringstandaard 4.7: Dit is duidelik wanneer die leerder gepaste grammatikale strukture en skryfkonvensies gebruik en skryf sodat ander kan verstaan;

Leeruitkomste 5:DINK EN REDENEER: Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

Assesseringstandaard 5.2 taal gebruik om te dink en te redeneer: Dit is duidelik wanneer die leerder taal gebruik om te ondersoek;

Assesseringstandaard 5.3: Dit is duidelik wanneer die leerder taal gebruik om te ondersoek.

Chapter 4

Kwartaal 4

4.1 Van hier tot daar - 01¹

4.1.1 AFRIKAANS HUISTAAL

4.1.2 Van hier tot daar

4.1.3 OPVOEDERS AFDELING

4.1.4 Memorandum

INLEIDING

Die Graad 2-opvoeder moet voortbou op die werk wat in Graad 1 gedoen is ten opsigte van die Huistaal. Dit is daarom noodsaaklik dat die opvoeder vertrouwd sal wees met elke leerder se vermoë om die Huistaal te gebruik. 'n Vertrekpunt moet volgens die leerders se vorderingsverslag, profiel en portefeuljies bepaal word alvorens met Graad 2-modules begin word. Indien nodig moet die nodige aanpassings gemaak word.

Tydskedule

Daar word voorgestel dat ongeveer twee modules per kwartaal voltooi word. Die opvoeder moet haar deur die leerders laat lei aangesien die vinnige werkers gouer deur die modules sal werk terwyl die stadige werkers heelwaarskynlik meer tyd sal nodig hê.

Die bladsye vir die opvoeder wat by elke module aangeheg is, word nie aan die leerders uitgedeel nie.

- **LUISTER, PRAAT, LEES EN SKRYF**

Themba en Thandi is baie opgewonde oor die lentedag-feesvieringe wat by die skool gehou gaan word. Almal word aangemoedig om blomme skool toe te bring. Daar word 'n piekniek, hoedeparade, pannekoekfees, atletiekbyeenkoms en 'n filmvertoning gehou.

Hierdie aktiwiteite leen hulself tot besprekings oor seisoene, die maak van lenteprente (Lewensoriëntering – Kuns), 'n eie gedig te skryf, interessante toebroodjies en mariebeskuitjies te maak (Tegnologie), te praat oor gesonde kossoorte en springmielies te maak (Tegnologie).

- **KLANKE EN WOORDBOU**

-rg, -rm, -rp, -rf, -rs, -rt en -ts word in konteks aangeleer en leerders speel 'n klankespeletjie om hierdie klanke te hersien.

- **SKRIF**

Die eerste vyf aaneenlopende skrifpatrone en die letters wat by elkeen pas, word aangeleer.

¹This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26923/1.1/>>.


















				
				
				
				
				

Table 4.1

4.1.5 LEERDERS AFDELING

4.1.6 Inhoud

Luister na die skoolhoof se afkondiging wat oor die interkom gekom het.

- Kyk na die buiteblad van hierdie module dan kan jy voorspel waarom die skoolhoof gaan praat.
- Lees dit.

“Aandag seuns en dogters.

Môre vier ons lentedag.

Julle mag gewone klere aantrek.

Hier volg die program vir ons feesvieringe.

7:00 - 8:00 Versier die gange, die voorportaal en die klaskamers met blomme.

8:00 - 9:00 Berei julle piekniekmandjies voor en pak hulle in.

9:00 - 10:00 Sportitems op die rugbyveld tussen die drie kleure.

10:00 - 11:00 Pouse - piekniek

11:00 - 12:00 Hoedeparade

12:00 - 13:00 Pannekoekfees

13:00 - 14:00 Filmvertonings in die saal

Dankie. Dit is al vir vandag.”

- Wie het geluister?
1. Watter fees word môre by die skool gevier?
 2. Watter aktiwiteite word beplan? Kan julle die volgorde onthou?
 3. Hoe laat begin die skooldag? Hoe laat eindig die skooldag?
 4. Hoe dink julle het Themba en Thandi en al die kinders gevoel na die afkondiging?
 5. Watter aktiwiteit sou vir julle die lekkerste wees? Gee redes.
- Oefen die aaneenlopende skrifpatrone eers op blanko papier en dan tussen lyne.




Figure 4.1

LU 4.1	
--------	--

Table 4.2

4.1.6.1 Woordbou

- Hierdie woorde eindig met “rg”.
- Klank die woorde.
- Lees die woorde.
- Leer die woorde.




Figure 4.2

- Skryf die woorde:

.....

- Maak sinne met die woorde:

.....

LU 3.4	LU 4.6	LU 4.7	
--------	--------	--------	--

Table 4.3

- Lees die storie ‘n paar keer oor totdat jy dit vlot kan lees.
- Lees vir Juffrou.

4.1.6.2 Lentedag in die skool

Die kinders het van vroeg af skool toe gekom, elkeen met ‘n arm vol van die mooiste blomme - wit, rooi, geel, pers en oranje.

Ouma Rosie het gesorg dat Themba en Thandi se arms ook volgelaai was.

Almal het hul besig gehou met die rangskik van die blomme. Juffrou het ook gehelp.

Gou-gou was al wat ‘n klaskamer, gang en portaal is, toegepak met die blomme. Dit was ‘n kleurvolle prentjie, om nie te praat van die heerlike geure van rose, pronkertjies en menige ander soorte blomme nie. Die skool het soos ‘n blomtuin gelyk!

- Voltooi die sin.

Baie blomme in die skool het dit lyk en
 ruik.

LU 3.2	LU 3.3	LU 3.4	
--------	--------	--------	--

Table 4.4




Figure 4.3

LU 4.1	
--------	--

Table 4.5

4.1.6.3 Maak 'n lenteprent

- Lees die instruksies.

- Stap met 'n maatjie buite in die tuin rond. Kyk na die blomblare van die verskillende blomme. Lyk hulle eenders of lyk hulle anders?
- Hoe verskil die blomme se blomblare van mekaar?
- Teken al die verskillende soorte. Maak hulle mooi groot en kleur hulle in.
- Knip al die blomme wat jy ingekleur het, uit.
- Plak hulle naby mekaar om 'n collage te maak.
- Stal al julle lenteprentjies uit.
- Later kan hierdie prente as 'n buiteblad vir een van jou boeke gebruik word.
- Hier is 'n paar voorbeelde van verskillende vorms blomblare.

4.1.6.4 Lente blomme

- Teken, kleur in en knip uit.




Figure 4.4

4.1.6.5 My lenteprent



Figure 4.5

LU 2.4	
--------	--

Table 4.6

4.1.6.6 Woordbou

- Hierdie woorde eindig met “rk”.
- Klank die woorde.
- Lees die woorde.
- Leer die woorde.




Figure 4.6

- Skryf die woorde:

.....

- Maak sinne met die woorde:

.....

LU 3.4		LU 4.6		LU 4.7	
--------	--	--------	--	--------	--

Table 4.7

4.1.7 Assessering

Leeruitkomste 2:PRAAT: Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

Assesseringstandaard 2.4: Dit is duidelik wanneer die leerder aan klas- en groepbesprekings deelneem.

Leeruitkomste 3:LEES EN KYK: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

Assesseringstandaard 3.2: Dit is duidelik wanneer die leerder betekenis skep uit geskrewe teks;

Assesseringstandaard 3.3: Dit is duidelik wanneer die leerder betekenis uit letters en woorde in langer tekste herken en skep:

Assesseringstandaard 3.4: Dit is duidelik wanneer die leerder klankbewustheid ontwikkel:

Leeruitkomste 4SKRYF: Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

Assesseringstandaard 4.1: Dit is duidelik wanneer die leerder toenemend leesbaar skryf:

Assesseringstandaard 4.4: Dit is duidelik wanneer die leerder skryfstukke hersien:

Assesseringstandaard 4.6: Dit is duidelik wanneer die leerder woordeskat opbou en woorde begin spel sodat ander dit kan lees en verstaan.

4.2 Van hier tot daar - 02²

4.2.1 AFRIKAANS HUISTAAL

4.2.2 Van hier tot daar

4.2.3 OPVOEDERS AFDELING

4.2.4 Memorandum

INLEIDING

Die Graad 2-opvoeder moet voortbou op die werk wat in Graad 1 gedoen is ten opsigte van die Huistaal. Dit is daarom noodsaaklik dat die opvoeder vertrouwd sal wees met elke leerder se vermoë om die Huistaal te gebruik. 'n Vertrekpunt moet volgens die leerders se vorderingsverslag, profiel en portefeuljes bepaal word alvorens met Graad 2-modules begin word. Indien nodig moet die nodige aanpassings gemaak word.

Tydskedule

²This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26924/1.1/>>.

Daar word voorgestel dat ongeveer twee modules per kwartaal voltooi word. Die opvoeder moet haar deur die leerders laat lei aangesien die vinnige werkers gouer deur die modules sal werk terwyl die stadige werkers heelwaarskynlik meer tyd sal nodig hê.

Die bladsye vir die opvoeder wat by elke module aangeheg is, word nie aan die leerders uitgedeel nie.

- **LUISTER, PRAAT, LEES EN SKRYF**

Themba en Thandi is baie opgewonde oor die lentedag-feesvieringe wat by die skool gehou gaan word. Almal word aangemoedig om blomme skool toe te bring. Daar word 'n piekniek, hoedeparade, pannekoekfees, atletiekbyeenkoms en 'n filmvertoning gehou.

Hierdie aktiwiteite leen hulself tot besprekings oor seisoene, die maak van lenteprente (Lewensoriëntering – Kuns), 'n eie gedig te skryf, interessante toebroodjies en mariebeskuitjies te maak (Tegnologie), te praat oor gesonde kossoorte en springmielies te maak (Tegnologie).

- **KLANKE EN WOORDBOU**

-rg, -rm, -rp, -rf, -rs, -rt en -ts word in konteks aangeleer en leerders speel 'n klankspeletjie om hierdie klanke te hersien.

- **SKRIF**

Die eerste vyf aaneenlopende skrifpatrone en die letters wat by elkeen pas, word aangeleer.






Table 4.8

4.2.5 LEERDERS AFDELING

4.2.6 Inhoud

- Luister na die gedig.
- Lees die gedig vlot deur.
- Lees dit weer. Leer die gedig.

4.2.6.1 Die lente is hier.

Weg is die winter,
 die lente is hier –
 geen donder en blitse
 O! wat 'n plesier!
 Die veld is oortrek
 van blomme so mooi,
 dis rooi, wit en goud
 tussen klippies verstrooi.
 Die skoelappers fladder
 heen en weer in die lug.
 met vlerke gesprei
 in die helder sonlig.
 Die bye is besig
 na die lang winterkou-
 soek stuifmeel en nektar
 vir heuning vir jou.
 Die lente is hier
 O! Wat 'n plesier!
 G.J.M.

LU 1.3	LU 3.3
--------	--------

Table 4.9

- Versier die vorige bladsy met lente-tekeninge.
 - Vertel wat sê die digter in elke versie van die gedig.
 - Wat is die hoofgedagte van die gedig?
 - Soek in elke versie 'n woord aan die einde van 'n sin wat rym met die woord wat onderstreep is.
- Skryf nog 'n woord wat rym met:

werk

 berg

 mark

 swerm

 blom

LU 3.2	LU 3.4	
--------	--------	--

Table 4.10

4.2.6.2 Teken van die lente

- Lees en doen.
- Verdeel in klein groepies – elkeen met 'n groepleier.
- Neem beurte om weer die gedig te lees.
- Die gedig vertel van al die dinge wat in die lente gesien kan word en wat in die lente in die natuur gebeur.
- Bespreek die tekens van die lente.
- Voltooi die diagram hieronder oor die tekens van die lente.
- Voeg enige ander tekens by waaraan jy of jou groep kan dink.




Figure 4.7

- Die groepleier kan vir elkeen in die groep 'n beurt gee om hulle idees te lees.

LU 4.2	LU 4.4	LU 5.4	
--------	--------	--------	--

Table 4.11




Figure 4.8

LU 4.1	
--------	--

Table 4.12

4.2.6.3 Woordbou

- Hierdie woorde eindig met “rm”.
- Klank die woorde.
- Lees die woorde.
- Leer die woorde.




Figure 4.9

- Skryf die woorde:

.....

- Maak sinne met die woorde:

.....

LU 3.4		LU 4.6		LU 4.7	
--------	--	--------	--	--------	--

Table 4.13

4.2.6.4 Rymwoorde

- Dink aan rymwoorde vir die volgende:

mooi,
 veld,
 nes,
 blitse,
 jou,
 bye,

- Probeer nou 'n gediggie maak en gebruik van jou idees in 'n diagram.
- Skryf oor die lente, die tekens van die lente en hoe die mense en die diere oor die lente voel.
- Maak dit so lank soos jy wil en kyk of die woorde aan die einde van die sin kan rym.
- Kies jou eie titel vir jou gedig.

.....
 Titel

- Lees jou gedig vir die klas.
- Wat dink hulle daarvan?

LU 3.4		LU 4.3	
--------	--	--------	--

Table 4.14




Figure 4.10

LU 4.1	
--------	--

Table 4.15

4.2.6.5 Woordbou

- Hierdie woorde eindig met “rp”.
- Klank die woorde.
- Lees die woorde.
- Leer die woorde.




Figure 4.11

- Skryf die woorde:

.....

- Maak sinne met die woorde:

.....

LU 3.4		LU 4.6		LU 4.7	
--------	--	--------	--	--------	--

Table 4.16

4.2.7 Assessering

Leeruitkomst 1:LUISTER: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.

Assesseringstandaard 1.3: Dit is duidelik wanneer die leerder met genot na kort stories, rympies, gedigte en liedjies uit verskeie kulture luister en begrip toon;

Leeruitkomst 2:PRAAT: Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

Leeruitkomst 3:LEES EN KYK: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

Assesseringstandaard 3.2: Dit is duidelik wanneer die leerder betekenis skep uit geskrewe teks;

Assesseringstandaard 3.3: Dit is duidelik wanneer die leerder betekenis uit letters en woorde in langer tekste herken en skep:

Assesseringstandaard 3.4: Dit is duidelik wanneer die leerder klankbewustheid ontwikkel:

Leeruitkomst 4SKRYF: Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

Assesseringstandaard 4.1: Dit is duidelik wanneer die leerder toenemend leesbaar skryf:

Assesseringstandaard 4.2: Dit is duidelik wanneer die leerder pre-skrifstrategieë gebruik om 'n skryfstuk te begin:

Asseseringstandaard 4.3: Dit is duidelik wanneer die ‘n konsepweergawe van ‘n skryfstuk vir verskillende doeleindes skryf:

Asseseringstandaard 4.4: Dit is duidelik wanneer die leerder skryfstukke hersien:

Asseseringstandaard 4.6: Dit is duidelik wanneer die leerder woordeskat opbou en woorde begin spel sodat ander dit kan lees en verstaan;

Asseseringstandaard 4.7: Dit is duidelik wanneer die leerder gepaste grammatikale strukture en skryfkonvensies gebruik en skryf sodat ander kan verstaan:

Leeruitkomst 5:DINK EN REDENEER: Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

Asseseringstandaard 5.4: Dit is duidelik wanneer die leerder inligting verwerk.

4.3 Van hier tot daar - 03³

4.3.1 AFRIKAANS HUISTAAL

4.3.2 Van hier tot daar

4.3.3 OPVOEDERS AFDELING

4.3.4 Memorandum

INLEIDING

Die Graad 2-opvoeder moet voortbou op die werk wat in Graad 1 gedoen is ten opsigte van die Huistaal. Dit is daarom noodsaaklik dat die opvoeder vertrouwd sal wees met elke leerder se vermoë om die Huistaal te gebruik. ‘n Vertrekpunt moet volgens die leerders se vorderingsverslag, profiel en portefeuljes bepaal word alvorens met Graad 2-modules begin word. Indien nodig moet die nodige aanpassings gemaak word.

Tydskedule

Daar word voorgestel dat ongeveer twee modules per kwartaal voltooi word. Die opvoeder moet haar deur die leerders laat lei aangesien die vinnige werkers gouer deur die modules sal werk terwyl die stadige werkers heelwaarskynlik meer tyd sal nodig hê.

Die bladsye vir die opvoeder wat by elke module aangeheg is, word nie aan die leerders uitgedeel nie.

- **LUISTER, PRAAT, LEES EN SKRYF**

Themba en Thandi is baie opgewonde oor die lentedag-feesvieringe wat by die skool gehou gaan word. Almal word aangemoedig om blomme skool toe te bring. Daar word ‘n piekniek, hoedeparade, pannekoekfees, atletiekbyeenkoms en ‘n filmvertoning gehou.

Hierdie aktiwiteite leen hulself tot besprekings oor seisoene, die maak van lenteprente (Lewensoriëntering – Kuns), ‘n eie gedig te skryf, interessante toebroodjies en mariebeskuitjies te maak (Tegnologie), te praat oor gesonde kossoorte en springmielies te maak (Tegnologie).

- **KLanke EN WOORDBOU**

-rg, -rm, -rp, -rf, -rs, -rt en -ts word in konteks aangeleer en leerders speel ‘n klankespeletjie om hierdie klanke te hersien.

- **SKRIF**

Die eerste vyf aaneenlopende skrifpatrone en die letters wat by elkeen pas, word aangeleer.

³This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26925/1.1/>>.

<i>n</i>	<i>i</i>	<i>t</i>	<i>p</i>	<i>s</i>
<i>m</i>	<i>n</i>	<i>m</i>	<i>r</i>	
<i>u</i>	<i>u</i>	<i>v</i>	<i>w</i>	
<i>e</i>	<i>e</i>			
<i>h</i>	<i>h</i>	<i>b</i>	<i>h</i>	

Table 4.17

4.3.5 LEERDERS AFDELING

4.3.6 Inhoud

- Lees.

Dit was heerlijk om ons eie lekkernye vir ons mandjies te maak.

Almal het vooraf besluit wat hulle sou maak.

Gerda en ek het besluit om 'n interessante toebroodjie te maak.

Ons het twee snye brood met margarien gesmeer.

Die vulsel het bestaan uit slaaiblare, fyn aartappelskyfies en dun ringe komkommer. Daaroor het ons 'n slaaisous liggies gesmeer.

Dié buitengewone toebroodjie het nie net mooi gelyk nie, maar het ook heerlik gesmaak. Ons het die toebroodjies toegedraai en saam met die vars vrugte en koeldrank in die mandjie gepak. Gerda het Mariebeskuitjies gebring en ons het hulle versier met 'n verskeidenheid van lekkertjies. Hulle het soos gesiggies gelyk.

Daar was so baie dat ons vir ons ander maatjies ook gegee het.

- Was Thandi en Gerda selfsugtig, mededeelsaam of onvriendelik. Bespreek.

LU 2.4 LU 3.2

- Teken alles wat jy graag in jou piekniekmandjie sou wou pak.
- Skryf 'n paar sinne oor jou mandjie en versier dit met mooi patrone.



Figure 4.12

LU 4.3	
--------	--

Table 4.18

- Vertel vir mekaar waarom jy sommige mandjies ingekleur het en sommige nie.



Figure 4.13

LU 2.4

Table 4.19




Figure 4.14

LU 4.1	
--------	--

Table 4.20

4.3.6.1 Woordbou

- Hierdie woorde eindig met “rf”.
- Klank die woorde.
- Lees die woorde.
- Leer die woorde.




Figure 4.15

- Skryf die woorde:

.....

- Maak sinne met die woorde:

.....

LU 3.4	LU 4.6	LU 4.7	
--------	--------	--------	--

Table 4.21



Figure 4.16

- Lees die resep.
- Hoe om springmielies te maak vir 'n piekniek.
- Jy benodig:

- 1 groot kastrol
- 1/3 koppie springmielies
- 2 eetlepels kookolie
- sout

- Stappe:
1. Gooi die kookolie in 'n groot kastrol.
 2. Sit dit op die plaat en skakel aan.
 3. Gooi eers net 2 of 3 pitte in die kastrol. As hulle skiet, kan die res van die mielies bygevoeg word.
 4. Plaas die deksel op die kastrol.
 5. As die mielies begin skiet, kan die plaat stadiger gedraai word.
 6. Haal die kastrol van die plaat af as die mielies klaar geskiet het.
 7. Gooi die springmielies in 'n bak en voeg sout liggies by. Laat afkoel.
 8. Maak plastiëksakkies vol.
- Maak springmielies in die klas of by die huis.
 - Lees weer die waarskuwing hierbo.

LU 3.3	LU 3.4
--------	--------

Table 4.22




Figure 4.17

LU 4.1	
--------	--

Table 4.23

4.3.7 Assessering

Leeruitkomste 2:PRAAT: Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

Assesseringstandaard 2.4: Dit is duidelik wanneer die leerder deelneem aan klas- en groepbesprekings:

Leeruitkomste 3:LEES EN KYK: Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

Assesseringstandaard 3.3: Dit is duidelik wanneer die leerder betekenis uit letters en woorde in langer tekste herken en skep:

Assesseringstandaard 3.4: Dit is duidelik wanneer die leerder klankbewustheid ontwikkel:

Leeruitkomste 4SKRYF: Die leerder is in staat om verskillende soorte feitlike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

Assesseringstandaard 4.1: Dit is duidelik wanneer die leerder toenemend leesbaar skryf:

Assesseringstandaard 4.3: Dit is duidelik wanneer die leerder 'n konsepweergawe van 'n skryfstuk vir verskillende doeleindes skryf:

Assesseringstandaard 4.6: Dit is duidelik wanneer die leerder woordeskat opbou en woorde begin spel sodat ander dit kan lees en verstaan;

Assesseringstandaard 4.7: Dit is duidelik wanneer die leerder gepaste grammatikale strukture en skryfkonvensies gebruik en skryf sodat ander kan verstaan:

4.4 Van hier tot daar - 04⁴

4.4.1 AFRIKAANS HUISTAAL

4.4.2 Van hier tot daar

4.4.3 OPVOEDERS AFDELING

4.4.4 Memorandum

INLEIDING

Die Graad 2-opvoeder moet voortbou op die werk wat in Graad 1 gedoen is ten opsigte van die Huistaal. Dit is daarom noodsaaklik dat die opvoeder vertrou sal wees met elke leerder se vermoë om die Huistaal te gebruik. 'n Vertrekpunt moet volgens die leerders se vorderingsverslag, profiel en portefeuljes bepaal word alvorens met Graad 2-modules begin word. Indien nodig moet die nodige aanpassings gemaak word.

Tydskedule

Daar word voorgestel dat ongeveer twee modules per kwartaal voltooi word. Die opvoeder moet haar deur die leerders laat lei aangesien die vinnige werkers gouer deur die modules sal werk terwyl die stadige werkers heelwaarskynlik meer tyd sal nodig hê.

Die bladsye vir die opvoeder wat by elke module aangeheg is, word nie aan die leerders uitgedeel nie.

- LUISTER, PRAAT, LEES EN SKRYF

Themba en Thandi is baie opgewonde oor die lentedag-feesvieringe wat by die skool gehou gaan word. Almal word aangemoedig om blomme skool toe te bring. Daar word 'n piekniek, hoedeparade, pannekoekfees, atletiekbyeenkoms en 'n filmvertoning gehou.

⁴This content is available online at <<http://cnx.org/content/m26926/1.1/>>.

Hierdie aktiwiteite leen hulself tot besprekings oor seisoene, die maak van lenteprente (Lewensoriëntering – Kuns), ‘n eie gedig te skryf, interessante toebroodjies en mariebeskuitjies te maak (Tegnologie), te praat oor gesonde kossoorte en springmielies te maak (Tegnologie).

- KLANKE EN WOORDBOU

-rg, -rm, -rp, -rf, -rs, -rt en -ts word in konteks aangeleer en leerders speel ‘n klankespeletjie om hierdie klanke te hersien.

- SKRIF

Die eerste vyf aaneenlopende skrifpatrone en die letters wat by elkeen pas, word aangeleer.






Table 4.24

4.4.5 LEERDERS AFDELING

4.4.6 Inhoud

4.4.6.1 Woordbou

- Hierdie woorde eindig met “rs”.
- Klank die woorde.
- Lees die woorde.
- Leer die woorde.

- Skryf die woorde:

.....

- Maak sinne met die woorde:

.....

LU 3.4	LU 4.6	LU 4.7	
--------	--------	--------	--

Table 4.25

- Beantwoord die volgende vrae.

Begin elke sin met ‘n hoofletter en eindig die sin met ‘n punt.

1. Die skool se kinders was almal in drie kleure opgedeel. Watter drie kleure dink jy het die skool gebruik?

2. Noem vier items waaraan die kinders kon deelneem, bv. aan aartappel-en-lepel resies.
 - a.
 - b.
 - c.
 - d.
3. Watter kleur dink jy het die meeste punte behaal?

4. Kan jy hierdie woorde lees? Skryf hulle in jou woordeboek:
paviljoen, toeskouers, stalletjies, wenstreep, trofee, aankondiger

.....
.....

LU 4.2	LU 4.6	LU 4.7	
--------	--------	--------	--

Table 4.26

- Gebruik die woorde in sinne.

.....
.....
.....
.....
.....

LU 4.6	LU 4.7	
--------	--------	--

Table 4.27




Figure 4.18

LU 4.1	
--------	--

Table 4.28

4.4.6.2 Woordbou

- Hierdie woorde eindig met “rt”.
- Klank die woorde.
- Lees die woorde.
- Leer die woorde.




Figure 4.19

- Skryf die woorde:

.....

- Maak sinne met die woorde:

.....

LU 3.4	LU 4.6	LU 4.7	
--------	--------	--------	--

Table 4.29

- Lees wat skryf Themba.

Dit was so ‘n lekker lentedag vir ‘n piekniek.

Elke klas het hul mandjies uitgeneem en onder die bome piekniek gehou.

Die lekkernye was heerlik.

Daarna is ons terug klas toe.

Die seuns en al die dogters het gou-gou aan die werk gespring om hulle hoede te maak vir die hoedeparade. Daar was groot pryse op die spel. Die beplanning was klaar gedoen. Ons het sommer dadelik aan die werk gespring met papier, karton, skêr, gom en versierings.

Die hoede was baie oorspronklik.

Daar was hoede wat gelyk het soos blomtuine, hekse se hoede, ronde hoede, vierkantige hoede, driehoekige hoede en klein plat hoedjies.

